MENIKO

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICES: S.A. R1,25. OVERSEAS: 85c

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. R1,25. OORSEE: 85c

Vol. 234 PRETORIA 16 OCTOBER 16 OKTOBER 1991 4782

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

PLEASE NOTE: ALL ADVERTISEMENTS MUST BE TYPED. HANDWRITTEN ADVERTISEMENTS WILL NOT BE ACCEPTED.

Subscription Rates (payable in advance) as from 1 April 1991.

Transvaal *Official Gazette* (including all extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R66,80.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 85c.

Price per single copy (post free) — R1,25 each.

Obtainable at Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 10:00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates as from 1 April 1991

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette:*

Double column — R8,50 per centimetre or portion thereof. Repeats — R6,50.

Single column — R7,50 per centimetre. Repeats — R5,00.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ
For Director-General

K5-7-2-1

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Vyfde Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

LET WEL: ALLE ADVERTENSIES MOET GETIK WEES. HANDGESKREWE ADVERTENSIES SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 April 1991.

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R66,80.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 85c elk.

Prys per eksemplaar (posvry) — R1,25 elk.

Verkrygbaar by 5e Vloer, Kamer 515, Ou Poyntengebou, Kerkstraat, Pretoria 0001.

Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 10:00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat ná daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe met ingang van 1 April 1991

Kennisgewing wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R8,50 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R6,50.

Enkelkolom — R7,50 per sentimeter. Herhaling — R5,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaatsak X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ
Namens Direkteur-generaal

K5-7-2-1

Administrator's Notices

Administrator's Notice 534 9 October 1991

KOSMOS MUNICIPALITY

PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Kosmos Municipality has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Kosmos Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any person interested, within 30 days of the first publication hereof in the Provincial Gazette, to direct to the Director-General: Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria, 0001 a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director-General: Community Development Branch, Room B213, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

SCHEDULE

Portion 234 (Diagram A7098/1982), in extent 248.8359 hectares of the farm Scheerpoort 477 JQ.

PB/GO17/30/2/166 Vol. 2

Administrator's Notice 535 16 October 1991

REGULATIONS REGARDING DESIGNATED OFFICERS, INTERPRETERS AND ASSISTANTS TO DESIGNATED OFFICERS

I, Daniel Jacobus Hough, Administrator of the Transvaal, hereby under section 6B(2) of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No. 52 of 1951), make the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, a word which has been defined in the Act has that meaning, and—

"Administrator" means the Administrator of the Transvaal;

"designated officer" means a person designated as such by the Administrator under section 6B(1)(b) of the Act;

"the act" means the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No. 52 of 1951).

Certificate of appointment

2. (1) The Administrator shall issue to each designated of-

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 534 9 Oktober 1991

MUNISIPALITEIT VAN KOSMOS

VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Kosmos 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Kosmos verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant aan die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Privaatsak X437, Pretoria, 0001 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur-generaal, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Kamer B213, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

BYLAE

Gedeelte 234 (Kaart A7098/1982), groot 248.8359 hektaar van die plaas Scheerpoort 477 JQ.

PB/GO17/30/2/166 Vol. 2

9—16—23

Administrateurskennisgewing 535 16 Oktober 1991

REGULASIES BETREFFENDE AANGEWESE BEAMPTES, TOLKE EN ASSISTENTE VIR AANGEWESE BEAMPTES

Ek, Daniel Jacobus Hough, Administrateur van Transvaal, vaardig hierby kragtens artikel 6B(2) van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet No. 52 van 1951), die regulasies in die Bylae uit.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasie, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord wat in die Wet omskryf is daardie betekenis, en beteken—

"aangewese beampte" 'n persoon wat kragtens artikel 6B(1)(b) van die Wet deur die Administrateur aldus aangewys is;

"Administrateur" die Administrateur van Transvaal;

"die Wet" die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet No. 52 van 1951).

Aanstellingsertifikaat

2. (1) Die Administrateur reik aan elke aangewese

ficer a certificate of appointment, which shall correspond substantially with Annexure A, and to which shall be attached a recent photograph (head and shoulders only) of the designated officer.

(2) A designated officer shall, when he is exercising or performing a power, function or duty in terms of these regulations, carry his certificate of appointment on his person at all times and shall show it on request to any person who is affected by the exercise of that power, or the performance of that function or duty.

(3) The appointment of a designated officer may be terminated at any time by the Administrator, and then the certificate of appointment shall forthwith be handed to the Administrator.

Powers, functions and duties of designated officers

3. (1) A designated officer shall exercise his powers and perform his functions and duties in accordance with the instructions which the Administrator may issue.

(2)(a) If a designated officer has reasonable grounds to believe that a provision of the Act is being contravened, or if he is directed thereto by the Administrator or a committee, he shall conduct such investigation as he may deem necessary, and for that purpose he may —

(i) enter upon or into any land, building or structure in respect of which he has such reasonable grounds, without prior notice, at any reasonable time;

(ii) question any person present upon land or in a building or structure which has been entered upon or into under subparagraph (i); and

(iii) direct any person who has an interest in such land, building or structure to furnish him with all the information at his disposal in relation to the ownership or occupation of or abode on such land building or structure.

(b) If a designated officer, as a result of an investigation under paragraph (a), is of the opinion that a provision of the Act is indeed being contravened in respect of a building or structure, he may —

(i) assign a number to that building or structure, and affix and maintain that number clearly and legibly to the building or structure; and

(ii) keep a register in which the name and other particulars which he may deem necessary of every person who occupies that building or structure are noted apposite that number.

(c) A designated officer shall submit at least quarterly a report on his functions, as well as the statistics which may be required, to the Administrator.

Appointment of interpreter

4. A designated officer may, on the conditions determined by the Administrator, appoint an interpreter to assist him in the exercise of his powers and the performance of his functions and duties.

Appointment, powers, functions and duties of assistant

5. (1) The Administrator may, on the conditions determined by him, appoint a person as an assistant to a designated officer in order to assist such designated officer in the exercise of his powers and the performance of his functions and duties.

beampte 'n aanstellingsertifikaat uit wat wesentlik ooreenkom met Aanhangsel A en waaraan 'n onlangse foto (kop en skouers alleenlik) van die aangewese beampte geheg is.

(2) 'n Aangewese beampte moet, wanneer hy 'n bevoegdheid, werksaamheid, of plig ingevolge hierdie regulasies uitoefen of verrig, sy aanstellingsertifikaat te alle tye by hom dra en dit op versoek toon aan enigeen wat deur die uitoefening van daardie bevoegdheid, of die verrigting van daardie werksaamheid of plig geraak word.

(3) Die aanstelling van 'n aangewese beampte kan te eniger tyd deur die Administrateur beëindig word, en dan moet die aanstellingsertifikaat onverwyld aan die Administrateur oorhandig word.

Bevoegdheid, werksaamhede en pligte van aangewese beamptes

3. (1) 'n Aangewese beampte oefen sy bevoegdhede uit en verrig sy werksaamhede en pligte ooreenkomstig die voorskrifte wat die Administrateur kan uitreik.

(2)(a) Indien 'n aangewese beampte redelike gronde het om te vermoed dat 'n bepaling van die Wet oortree word, of indien hy deur die Administrateur of 'n komitee daartoe gelas word, moet hy dié ondersoek instel wat hy nodig ag, en vir daardie doel kan hy —

(i) enige grond, gebou of bouwerk ten opsigte waarvan hy sodanige redelike gronde het, sonder vooraf kennisgewing, te eniger redelike tyd betree of binnegaan;

(ii) enige persoon teenwoordig op grond of in 'n gebou of bouwerk wat kragtens subparagraaf (i) betree of binnegegaan is, ondervra; en

(iii) enige persoon wat 'n belang in sodanige grond, gebou of bouwerk het, gelas om alle inligting tot sy beskikking met betreking tot die eiendomsreg of okkupasie van of verblyf op sodanige grond, gebou of bouwerk aan hom te verstrek.

(b) Indien 'n aangewese beampte as gevolg van 'n ondersoek kragtens paragraaf (a) van oordeel is dat 'n bepaling van die Wet wel ten opsigte van 'n gebou of bouwerk oortree word, kan hy —

(i) 'n nommer toeken aan daardie gebou of bouwerk en daardie nommer duidelik en leesbaar aan die gebou of bouwerk aanbring en in stand hou; en

(ii) 'n register byhou waarin die naam en ander besonderhede wat hy nodig ag van elke persoon wat daardie gebou of bouwerk beset teenoor daardie nommer aangeteken word.

(c) 'n Aangewese beampte lê minstens kwartaalliks 'n verslag oor sy werksaamhede, asook die statistieke wat verlang word, aan die Administrateur voor.

Aanstelling van tolk

(4) 'n Aangewese beampte kan, op die voorwaardes wat die Administrateur bepaal, 'n tolk aanstel om hom behulpsaam te wees by die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede en pligte.

Aanstelling, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van assistent

5. (1) Die Administrateur kan, op die voorwaardes wat hy bepaal, 'n persoon as assistent vir 'n aangewese beampte aanstel ten einde so 'n aangewese beampte behulpsaam te wees by die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede en pligte.

(2) The provisions of regulation 2 shall apply *mutatis mutancis* to an assistant to a designated officer.

(3) An assistant to a designated officer may exercise all the powers and shall peform all the functions and duties entrusted to him by the designated officer concerned.

Application of regulations to local authorities

6. Where a local authority designates a designated officer under section 6B(1)(a) of the Act, the provisions of regulations 2 to 5 shall *mutatis mutandis* apply in respect of such an officer, and in such application a reference to the Administrator shall be construed as a reference to the local authority which so designated the designated officer concerned.

Title

7 These regulations shall be called the Regulations regarding Designated Officers, Interpreters and Assistants to Designated Officers, 1991.

ANNEXURE A

Certificate of appointment

It is hereby declared that .....
..... (full names and surname), ...
(identity number), has, with effect from .....
.....
(date), been designated a designated officer by the Local Authority of
.....
/Administrator* under section 6B (1)(a)/(b)* of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951.

PHOTO

.....
Signature of Designated Officer

.....
Signature of Local Authority/Administrator*

* Scratch which is not applicable.

(2) Die bepalings van regulasie 2 is *mutatis mutandis* op 'n assistent vir 'n aangewese beampte van toepassing.

(3) 'n Assistent vir 'n aangewese beampte kan al die bevoegdhede uitoefen, en moet al die werksaamhede en pligte verrig wat deur die betrokke aangewese beampte aan hom opgedra word.

Toepassing van regulasies op plaaslike owerhede

6. Waar 'n plaaslike owerheid 'n aangewese beampte kragtens artikel 6B(1)(a) van die Wet aangewys het, is regulasies 2 tot 5 *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n beampte van toepassing, en by sodanige toepassing word 'n verwysing in daardie regulasies na die Administrateur uitgelê as 'n verwysing na die plaaslike owerheid wat die betrokke aangewese beampte aldus aangewys het.

Titel

7. Hierdie regulasies heet die Regulasies betreffende Aangewese Beamptes, Tolke en Assistente vir Aangewese Beamptes, 1991.

AANHANGSEL A

Aanstellingsertifikaat

Hierby word verklaar dat .....
.....
(volle name en van), ...
(Identiteitsnommer), met ingang van
.....
(datum), as aangewese beampte aangewys is deur die plaaslike owerheid van .....
/Administrateur* kragtens artikel 6B(1)(a)/(b)* van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951.

FOTO

.....
Handtekening van Aangewese Beampte

.....
Handtekening van Plaaslike Owerheid/Administrateur*

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

16

Administrator's Notice 536 16 October 1991

REVOCATION OF REGULATIONS: LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS COUNCIL: STAFF REGULATIONS

The Administrator hereby in terms of section 41(1)(a) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), revokes the Staff

Administrateurskennisgewing 536 16 Oktober 1991

HERROEPING VAN REGULASIES: RAAD OP PLAASLIKE BESTUURSAANGELEENTHEDE: PERSONEELREGULASIES

Die Administrateur herroep hierby ingevolge artikel 41(1)(a) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20

Regulations of the Local Goverment Affairs Council, published under Administrator's Notice No. 1258 dated 18 December 1968.

GO 17/19/2/111

van 1943), die Personeelregulasies van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1258 van 18 Desember 1968.

GO 17/19/2/111

16

Administrator's Notice 537 16 October 1991

DEVIATION OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD 2783 AND RELATED ROAD ADJUSTMENT: DISTRICT OF SCHWEIZER-RENEKE

In terms of sections 5 and 3 of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby deviates portions of Public and District Road 2783 and declares that an unnumbered public road with widths varying from 16 metres to 106 metres exists

Administrateurskennisgewing 537 16 Oktober 1991

VERLEGGING VAN OPENBARE EN DISTRIKSPAD 2783 EN VERWANTE PADREËLING: DISTRIK SCHWEIZER-RENEKE

Kragtens artikels 5 en 3 van die Padordonnansie, 1957, verlê die Administrateur hierby gedeeltes van Openbare en Distrikspad 2783 en verklaar dat 'n ongenommerde openbare pad met breedtes wat wissel van 16 meter tot 106 meter be-



DIE FIGUUR [ ] STEL VOOR 'N GEDEELTE VAN PAD 2783 EN 'N ONGENOMMERDE OPENBARE PAD SOOS BEDOEL BY AFKONDINGING VAN HIERDIE PADREELING EN GETOON OP PLAN 85/24

THE FIGURE [ ] REPRESENTS A PORTION OF ROAD 2783 AND AN UNNUMBERED PUBLIC ROAD AS INTENDED BY PUBLICATION OF THIS ROAD ADJUSTMENT AND DEPICTED ON PLAN 85/24

BUNDEL / FILE NO DP07-074S-23/22/2783

VERWYSING /REFERENCE

BESTAANDE PAD / EXISTING ROAD

PAD GESLUIT / ROAD CLOSED


HOUTVOLOP 111-HO
GED. 21
PAD 2783
PTN. 9
PTN. 4
PTN. 21
HOMANSVLEY 110 - HO
PTN. 13
HOUTVOLOP 111-HO
N
DIST: SCHWEIZER-RENEKE
HOUTVOLOP 111-HO
N
GED. 1
PAD 2783
GED. 3
PTN. 1
PTN. 3
HOUTVOLOP 111-HO
DIST: SCHWEIZER-RENEKE
HOUTVOLOP 111-HO
GED. 3
GED. 25
PAD 2783
PTN. 3
PTN. 25
ONGENOMMERDE OPENBARE PAD
HOUTVOLOP 111-HO
N
DIST: SCHWEIZER-RENEKE

over the properties as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates the general directions and situations of the said roads.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road, has physically been demarcated and that Plan 85/24, indicating such land, is available for inspection by any interested person at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Kruis Street, Potchefstroom.

Approval: 21 dated 21 June 1991
Reference: DP 07-074S-23/22/2783

staan oor die eiendomme soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die algemene rigtings en liggings van gemelde paaie aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hierby verklaar dat die grond wat deur gemelde paaie in beslag geneem word, fisies afgebaken is en dat plan 85/24 wat sodanige grond aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Kruisstraat, Potchefstroom ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 21 van 21 Junie 1991
Verwysing: DP 07-074S-23/22/2783

16

Administrator's Notice 538 16 October 1991

DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD: DISTRIC OF NELSPRUIT

In terms of sections 5 and 3 of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby deviates portions of Public and District Road 1175 and increases the width of the road reserve of the said road to widths varying from 30 metre up to 35 metre over the properties as indicated on the subjoined sketchplan which also indicates the general direction and situation and the extent of the increase in width of the road reserve of the said deviations, of the said road.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road, has physically been demarcated and that Plan PRS 83/42/4 LYN indicating such land, is available for inspection by any interested person at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Rossouw Street, Lydenburg.

Approval: 19 dated 18 June 1991
Reference: DP 04-044-23/22/1175 TYD

Administrateurskennisgewing 538 16 Oktober 1991

VERLEGGING EN VERMEERDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERWE VAN OPENBARE EN DISTRIKSPAD 1175: DISTRIK NELSPRUIT

Kragtens artikels 5 en 3 van die Padordonnansie, 1957, verlê die Administrateur hierby gedeeltes van Openbare en Distrikspad 1175 en vermeerder die breedte van die padreserwe van gemelde pad na breedtes wat wissel van 30 meter tot 35 meter oor die eiendomme soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die algemene rigtings en liggings en die omvang van die vermeerdering van die breedte van die padreserwe van gemelde verleggings aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hierby verklaar dat die grond wat deur gemelde paaie in beslag geneem word, fisies afgebaken is en dat Plan PRS 83/42/4 LYN, wat sodanige grond aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Rossouwstraat, Lydenburg ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 19 van 18 Junie 1991
Verwysing: DP 04-044-23/22/1175 TYD

16



Administrator's Notice 539 16 October 1991

INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF PROVINCIAL ROAD P13-3: DISTRICT OF WOLMARANSSTAD

In terms of section 3 of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby increases the width of the road reserve of a portion of Provincial Road P13-3 to widths varying from 40 metres to 195 metres over the property as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates the extent of the increase in width of the road reserve of the said road.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road, has physically been demarcated and that Plan PRS 76/22/1 Lyn indicating such land, is available for inspection by any interested person at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Kruis Street, Potchefstroom.

Approval: 68 dated 18 February 1991
Reference: DP 07-074-23/21/P13-3 VOL 2

Administrateurskennisgewing 539 16 Oktober 1991

VERMEERDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERWE VAN PROVINSIALE PAD P13-3: DISTRIK WOLMARANSSTAD

Kragtens artikel 3 van die Padordonnansie, 1957, vermeerder die Administrateur hierby die breedte van die padreserwe van 'n gedeelte van Provinsiale Pad P13-3 na breedtes wat wissel van 40 meter tot 195 meter oor die eiendom soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die omvang van die vermeerdering van die breedte van die padreserwe van gemelde pad aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hierby verklaar dat die grond wat deur gemelde pad in beslag geneem is, fisies afgebaken is en dat Plan PRS 76/22/1 Lyn wat sodanige grond aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Kruisstraat, Potchefstroom ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 68 van 18 Februarie 1991
Verwysing: DP 07-074-23/21/P13-3 VOL 2

16



DIE FIGUUR STEL VOOR 'N GEDEELTE VAN PAD P13-3 SOOS BEDOEL BY AFKONDIGING VAN HIERDIE PADREELING EN IN DETAIL GETOON OP PLAN PRS 76/22/1 LYN

THE FIGURE REPRESENTS A PORTION OF ROAD P13-3 AS INTENDED BY PUBLICATION OF THIS ROAD ADJUSTMENT AND DEPICTED IN DETAIL ON PLAN PRS 76/22/1 LYN

BUNDEL NO / FILE NO: DP07-074-23/21/P13-3

VERWYSING/REFERENCE.

BESTAANDE PAD
EXISTING ROAD

Administrator's Notice 540 16 October 1991

ACCESS ROAD: DISTRICT OF ELLISRAS

In terms of section 48(1)(a) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby declares that an access road 7 metres in width, exists over the property as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates the general direction and situation of the said access road.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road is physically demarcated and that plan E030/484 indicating such land is available for inspection by any interested person, at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Landdros Maré Street, Pietersburg.

Approval: 24 dated 3 July 1991
Reference: 5411 10/1/1/6 Blauwbergsvlei 199 MR

Administrateurskennisgewing 540 16 Oktober 1991

TOEGANGSPAD: DISTRIK ELLISRAS

Kragtens artikel 48(1)(a) van die Padordonnansie, 1957, verklaar die Administrateur hierby dat 'n toegangspad 7 meter breed, bestaan oor die eindom soos aangedui op die bygaande sketsplan wat ook die algemene rigting en ligging van gemelde toegangspad aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie word hierby verklaar dat die grond wat deur gemelde pad in beslag geneem is, fisies afgebaken is en dat plan E030/484 wat sodanige grond aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Landdros Maréstraat, Pietersburg, ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 24 van 3 Julie 1991
Verwsysing: 5411 10/1/1/6 Blauwbergsvlei 199 MR

16



Administrator's Notice 541 16 October 1991

INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF A PORTION OF PUBLIC AND PROVINCIAL ROAD P10-3: DISTRICT OF BARBERTON

In terms of section 3 of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby increases the width of the road reserve of a portion of public and provincial road P10-3 to varying widths of 31,48 metres up to 178,48 metres over the property as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates

Administrateurskennisgewing 541 16 Oktober 1991

VERMEERDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERWE VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE EN PROVINSIALE PAD P10-3: DISTRIK BARBERTON

Kragtens artikel 3 van die Padordonnansie, 1957, vermeerder die Administrateur hierby die breedte van die padreserwe van 'n gedeelte van openbare en provinsiale pad P10-3 na wisselende breedtes van 31,48 meter tot 178,48 meter oor die eiendom soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die

the extent of the increase in width of the road reserve of the said road.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road, is physically demarcated and that plan LDB 47/13, indicating the land taken up by the said road is available for inspection by any interested person, at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Rossouw Street, Lydenburg.

Approval: 4 dated 19 April 1991
Reference: DP 04-044-23/21/P10-3 TYD

omvang van die vermeerdering van die breedte van die padreserwe van gemelde pad aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hierby verklaar dat die grond wat deur gemelde pad in beslag geneem is, fisies afgebaken is en dat plan LDB 47/13, wat die grond wat deur gemelde paaie in beslag geneem is aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Rossouwstraat, Lydenburg, ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 4 van 19 April 1991
Verwysing: DP 04-044-23/21/P10-3 TYD

16



Adminstrator's Notice 542 16 October 1991

REVOKING OF STATUS OF A PORTION OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD 2205 WITHIN THE MUNICIPAL AREA OF KATLEHONG

In terms of section 5(1A) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby declares that a portion of public and district road 2205 over the properties as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates the general direction and situation of the said road, shall no longer be a public road for the purposes of the said Ordinance.

E.C.R.: 768 dated 24 July, 1991
Reference: DP 021-022-23/22/2205 (TL)

Administreurskennisgewing 542 16 Oktober 1991

INTREKKING VAN STATUS VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE EN DISTRIKSPAD 2205 BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN KATLEHONG

Kragtens artikel 5(1A) van die Padordonnansie, 1957, verklaar die Administrateur hierby dat 'n gedeelte van openbare en distrikspad 2205 oor die eindomme soos aangetoon op bygaande sketsplan wat ook die algemene rigting en ligging van gemelde pad aandui, nie langer 'n openbare pad vir toepassing van gemelde Ordonnansie sal wees nie.

U.K.B.: 768 van 24 Julie 1991
Verwysing: DP 021-022-23/22/2205 (TL)

16



THE FIGURE : A–B
DIE FIGUUR:

REPRESENTS THE WITHDRAWAL OF STATUS FROM A PORTION OF A PUBLIC AND DISTRICT ROAD 2205 WITHIN THE MUNICIPAL AREA OF KATLEHONG.

STEL VOOR DIE INTREKKING VAN STATUS VAN 'n Gedeelte van OPENBARE EN DISTRIKPAD 2205 BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN KATLEHONG.

RESOLUTION / BESLUIT 768 OF / VAN 1991-07-24	PLAN NR./PLAN NO. : TA 90/10

Administrator's Notice 543 — 16 October 1991

AMENDMENT OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 219 DATED 8 MAY 1991 IN CONNECTION WITH THE INCREASE IN THE WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD 1049: DISTRICT OF ERMELO

In terms of section 5(3A) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby amends Administrator's Notice 219 dated 8 May 1991, by substituting the attached sketch plan for the sketch plan published with the said notice.

Approval: 28 dated 19 August 1991
Reference: DP 051-052-23/22/1049 Vol. 3

Administrateurskennisgewing 543 — 16 Oktober 1991

WYSIGING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 219 VAN 8 MEI 1991 IN VERBAND MET DIE VERMEERDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERWE VAN OPENBARE EN DISTRIKSPAD 1049: DISTRIK ERMELO

Kragtens artikel 5(3A) van die Padordonnansie, 1957, wysig die Administrateur hierby Administrateurskennisgewing 219 van 8 Mei 1991 deur die sketsplan wat daarmee saam gepubliseer is deur bygaande sketsplan te vervang.

Goedkeuring: 28 van 19 Augustus 1991
Verwysing: DP 051-052-23/22/1049 Vol. 3



Administrator's Notice 544 16 October

PROPOSED DEVIATION OF AN UNNUMBERED PUBLIC ROAD OVER SLANGKOP 296 LQ AND STEENBOKPAN 295 LQ: DISTRICT OF ELLISRAS

In view of an application received from Mr K.A. du Plessis for the deviation of an unnumbered public road over Slangkop 296 LQ and Steenbokpan 295 LQ, the Administrator intends taking action in terms of section 29 of the Roads Ordinance, 1957.

Any person concerned may lodge reasons for objection against the proposed closing within thirty days from date of

Administrateurskennisgewing 544 16 Oktober 1991

AANSOEK OM DIE VERLEGGING VAN 'N ONGENOMMERDE OPENBARE PAD OOR SLANGKOP 296 LQ EN STEENBOKPAN 295 LQ: DISTRIK ELLISRAS

Met die oog op 'n aansoek ontvang van Mnr K.A. du Plessis vir die verlegging van 'n ongenommerde openbare pad oor Slangkop 296 LQ en Steenbokpan 295 LQ, is die Administrateur van voorneme om ingevolge artikel 29 van die Padordonnansie, 1957, op te tree.

Enige belanghebeende persoon kan binne dertig dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing, redes vir be-

publication of this notice in writing to the Regional Engineer, Roads Branch, Landdros Maré Street, Pietersburg.

The attention of objectors is drawn to the provisions of section 29(3) of the said Ordinance.

Approval: 23 of 2 July 1991
Reference: 5411 10/1/1/6 Steenbokpan

Administrator's Notice 545 16 October 1991

DECLARATION OF AN ACCESS ROAD AS WELL AS THE CLOSING OF ACCESS ROADS: DISTRICT OF SPRINGS

In terms of section 48(1)(a) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby declares that an access road with widths varying from 8 metres to 16 metres exists over the property as indicated on the subjoined sketch plan which also indicates the general direction and situation of the said access with appropriate co-ordinates of boundary beacons.

In terms of section 48(1)(b) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby closes roads over the properties as indicated on the subjoined sketch plan.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that boundary beacons, demarcating the said road, have been erected on the land and that plan WRP 445/36 & 37 (PRS 85/93/5V) indicating the land taken up by the said road, is available for inspection by any interested person, at the office of the Regional Engineer, Roads Branch, Main Reef Road, Benoni.

Approval: 20 dated 18 June 1991
Reference: DP 021-022-23/22/822 (TL)

swaar teen die beoogde sluiting skriftelik by die Streekingenieur, Tak Paaie, Landdros Maréstraat, Pietersburg, indien.

Die aandag van beswaarmakers word op die bepalings van artikel 29(3) van gemelde Ordonnansie, gevestig.

Goedkeuring: 23 van 2 Julie 1991
Verwysing: 5411 10/1/1/6 Steenbokpan
16

Administrateurskennisgewing 545 16 Oktober 1991

VERKLARING VAN 'N TOEGANGSPAD SOWEL AS SLUITING VAN TOEGANGSPAAIE: DISTRIK SPRINGS

Kragtens artikel 48(1)(a) van die Padordonnansie, 1957, verklaar die Administrateur hierby dat 'n toegangspad met breedtes wat wissel van 8 meter tot 16 meter, bestaan oor die eiendom soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die algemene rigting en ligging van gemelde toegangspad met toepaslike koördinate van greensbakens aandui.

Kragtens artikel 48(1)(b) van die Padordonnansie, 1957, sluit die Administrateur hierby toegangspaaie oor die eiendomme soos aangedui op bygaande sketsplan.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie word hierby verklaar dat grensbakens wat gemelde pad aandui, op die grond opgerig is en dat plan WRP 445/36 & 37 (PRS 85/93/5V) wat die grond wat deur gemelde pad in beslag geneem is aandui, by die kantoor van die Streekingenieur, Tak Paaie, Hoofrifweg, Benoni, ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring: 20 van 18 Junie 1991.
Verwysing: DP 021-022-23/22/822 (TL).

16



THE FIGURES:
DIE FIGURE: DL25-DL26-DL27-DL28-DL29,L41A-L41-L40,DL25
REPRESENTS AN ACCESS ROAD TO BE PROCLAIMED.
STEL VOOR 'n TOEGANGSPAD WAT VERKLAAR WORD.

THE FIGURES:
DIE FIGURE: D-E
REPRESENTS AN ACCESS ROAD TO BE CLOSED.
STEL VOOR 'n TOEGANGSPAD WAT GESLUIT WORD.

THE FIGURES:
DIE FIGURE: R62A,R62B,DR63,DR62,R62A
REPRESENTS AN ACCESS ROAD TO BE CLOSED.
STEL VOOR 'n TOEGANGSPAD WAT GESLUIT WORD.

CO-ORDINATES/KOORDINATE

Y=+0.00 Lo 29° X=+2800000.00

DL25	+68619.28	+79802.68	R62A	+69376.78	+78803.24
DL26	+68626.58	+79788.44	R62B	+69368.98	+78801.48
DL27	+68634.50	+79757.67	DR63	+69363.57	+78829.69
DL28	+68849.77	+79351.10	DR62	+69371.30	+78831.84
DL29	+68870.31	+79311.06			
L41A	+68860.93	+79309.62			
L41	+68841.76	+79346.99			
L40	+68605.05	+79795.38			

RESOLUTION 20 OF 1991-06-18
BESLUIT VAN

PLAN NO/PLAN NR: WRP 445/36/37
FILE NO/LÊER NR: DP 021-022-23/22/822

Administrator's Notice 546 16 October 1991

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF PUBLIC AND DISTRICT ROAD 314: DISTRICT OF KRUGERSDORP

In view of an application received from The Mountain Club of South Africa for the closing of public and district road 314 the Administrator intends taking action in terms of section 29 of the Roads Ordinance, 1957.

Any person concerned may lodge reasons for objection against the proposed closing within thirty days from date of publication of this notice in writing to the Regional Engineer, Roads Branch, Private Bag X001, Main Reef Road, Benoni.

The attention of objectors is drawn to the provisions of section 29(3) of the said Ordinance.

APPROVAL: 770 OF 24 JULY 1991
REFERENCE: DP 021-025-23/22/314 (TL)

Administrateurskenisgewing 546 16 Oktober 1991

AANSOEK OM DIE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE EN DISTRIKSPAD 314: DISTRIK KRUGERSDORP

Met die oog op 'n aansoek ontvang van The Mountain Club of South Africa vir die sluiting van openbare en distrikspad 314, is die Administrateur van voorneme om ingevolge artikel 29 van die Padordonnansie, 1957, op te tree.

Enige belanghebbende persoon kan binne dertig dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing, redes vir beswaar teen die beoogde sluiting skriftelik by die Streekingenieur, Tak Paaie, Privaatsak X001, Hoofrifweg, Benoni, indien.

Die aandag van beswaarmakers word op die bepalings van artikel 29(3) van gemelde Ordonnansie, gevestig.

GOEDKEURING: 770 VAN 24 JULIE 1991
VERWYSING: DP 021-025-23/22/314 (TL)

16



THE FIGURES / DIE FIGURE : D - E

REPRESENTS THE CLOSING OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 314 AS DEPICTED IN DETAIL ON PLAN NO. : TA 89/17

STEL VOOR DIE SLUITING VAN N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 314 SOOS GETOON IN DETAIL OP PLAN NR. : TA 89/17

UNNUMBERED PUBLIC ROAD / ONGENOMMERDE OPENBARE PAD

RESOLUTION 770 OF 1991-07-24 BESLUIT VAN	FILE NO./LÊER NR.:DP021-025-23/22/314 PLAN NO./PLAN NR. : TA 89/17

Administrator's Notice 547 16 October 1991

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 3765

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974 comprising the same land as included in the township of Lotus Gardens.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director General: Community Development Branch, Pretoria and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 3765.

GO 15/16/3/3H/3765

Administrateurskennisgewing 547 16 Oktober 1991

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 3765

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974 wat uit dieselfde grond as die dorp Lotus Gardens bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemakousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 3765.

GO 15/16/3/3H/3765

16

Administrator's Notice 548 16 October 1991

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lotus Gardens Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

GO 15/3/2/3/6

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE HOUSING DEVELOPMENT BOARD UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 399 (A PORTION OF PORTION 360) OF THE FARM PRETORIA TOWN AND TOWNLANDS 351-JR, PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of township shall be Lotus Gardens.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on Plan S.G. No. A 3984/90.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitudes which shall not affect the township area:

(a) Deed of Servitude K1276/1977S.

(b) Deed of Servitude K1386/1983S.

(4) LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES

The following erven shall be transferred to the

Administrateurskennisgewing 548 16 Oktober 1991

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Lotus Gardens tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

GO 15/3/2/3/6

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE RAAD OP BEHUISINGSONTWIKKELING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 399 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 360) VAN DIE PLAAS PRETORIA TOWN AND TOWNLANDS 351 JR, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Lotus Gardens.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Plan L.G. No. A 3984/90.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende serwitute wat nie die dorp raak nie.

(a) Akte van Serwituut K1276/1977S

(b) Akte van Serwituut K1386/1983S.

(4) GROND VIR MUNISIPALE DOELEINDES

Die volgende erwe moet deur en op koste van die

local authority by and at the expense of the township owner:

Parks (Public open space): Erven 1565 to 1570

General: Erven 1367 and 1368

(5) ACCESS

No ingress from Provincial Road P160/1 to the township and no egress to Provincial Road P160/1 from the township shall be allowed.

(6) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Road P160/1 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

(7) REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(8) OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES

The Township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision and installment of systems for water, sewerage, electricity and the building of roads, street and storm water drainage systems as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) ALL ERVEN WITH THE EXCEPTION OF THE ERVEN MENTIONED IN CLAUSE 1(4)

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it,

dorpseienaar aan die plaaslike bestuur oorgedra word..

Parke (Openbare Oopruimte): Erwe 1565 tot 1570

Algemeen: Erwe 1367 en 1368

(5) TOEGANG

Geen ingang van Provinsiale Pad P160/1 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad P160/1 uit die dorp word toegelaat nie.

(6) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Pad P160/1 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

(7) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(8) VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk was wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy serpligtinge nakom met betrekking tot die voorsiening en installering van stelsels vir water, riolering, elektrisiteit en die bou van paaie, strate en stormwaterdreineringstelsels, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) ALLE ERWE MET UITSONDERING VAN DIE ERWE GENOEM IN KLOUSULE 1(4)

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die

in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 30, 264, 286, 289, 313, 809, 866, 881, 906, 914, 1036 TO 1048, 1111, 1155, 1156 TO 1170, 1211 TO 1228, 1283, 1286, 1287, 1290, 1291, 1294, 1295, 1298, 1299, 1302, 1304, 1324, 1502, AND 1533 TO 1540.

(a) The erf is subject to a servitude for municipal purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(3) ERVEN 68, 85, 329, 474, 526, 808, 938, 1055, 1063, 1116, 1150, 1229, 1315, 1354 AND 1363

(a) The erf is subject to a servitude for electrical conducting and other municipal services in favour of the local authority as indicated on the general plan.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) ERWE 30, 264, 286, 289, 313, 809, 866, 881, 906, 914, 1036 TOT 1048, 1111, 1155, 1156 TOT 1170, 1211 TOT 1228, 1283, 1286, 1287, 1290, 1291, 1294, 1295, 1298, 1299, 1302, 1304, 1324, 1502 EN 1533 TOT 1540.

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bstuur, soos op die algemene plan aangedui.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodagnie rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(3) ERWE 68, 85, 329, 474, 526, 808, 938, 1055, 1063, 1116, 1150, 1229, 1315, 1354 EN 1363

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir elektriese geleiding en ander munisipale dienste ten gunste van die plaaslike bestuur soos op die algemene plan aangedui.

(4) Vir die verwydering van huis- of besigheidsafval moet alle afval op die voorgeskrewe wyse voor 08:00 en slegs op die dag van verwydering, buite die omheining of grens van die perseel op die straatgrens of op sodanige ander plaas of plek soos deur die Hoof: Gemeenskapsdienste bepaal, geplaas word of waar die gebruik van massahouers goedgekeur is, moet die okkupant, onmiddellik na verwydering van die inhoud daarvan, toesien dat sodanige houers op sy perseel teruggeplaas word.

(5) Massavullishouers kan vanaf die Raad teen 'n tarief soos van tyd tot tyd bepaal gehuur word waarin lywige en tuinafval geplaas mag word vir verwydering afgelewer en op 'n plek soos bepaal deur die Raad. Massavullishouers word deur die Raad afgelewer en op 'n plek soos bepaal deur die Raad en na hoogstens drie dae vanaf aflewering deur die Raad verwyder. Slegs Raadsvoertuie is gemagtig om massavullishouers te hanteer.

(6) Waar 'n ophoping van afval 'n gesondheidsoorlas of aanstootlike toestand kan veroorsaak, word sodanige afval sonder enige vooraf kennisgewing en met die uitsluitlike diskresie van die Hoof: Gemeenskapsdienste en op die koste van die eienaar/okkupant verwyder.

3. Houer

(1) (i) Die bewoner is verantwoordelik vir die voorsiening van die soort en aantal houers soos deur die Raad se Hoof: Gemeenskapsdienste bepaal en indien die genoemde amptenaar dit vereis moet die bewoner die houers van die Raad verkry.

(ii) Indien die Raad houers aan die bewoner verskaf, behou die Raad eiendomsreg ten opsigte van die houers en is die bewoner aanspreeklik vir enige skade aan, of verlies van die houers.

(iii) Waar die eienaar/bewoner/okkupant vullisverwyderingshouers voorsien, aanvaar die Raad geen aan spreeklikheid vir skade aan of verlies van sodanige houers of enige eise wat kan voortspruit uit lewering van die Raad se vullisverwyderings diens.

(2) (i) Geen houer mag vir 'n ander doel gebruik word as die doel waarvoor dit voorsien is nie.

(ii) Die bewoner/okkupant is verantwoordelik vir die higiëniese toestand van die houers.

(3) (i) Tensy skriftelike toestemming van die Hoof: Gemeenskapsdienste verkry is, moet houers sodanig geberg word dat dit nie vanaf die straat sigbaar is nie.

(ii) Houers moet te alle tye redelik toeganklik wees vir verwydering.

(iii) Nieteenstaande andersluidende bepalings kan die Hoof: Gemeenskapsdienste, indien afval na sy mening nie verwyder kan word van die plek soos in subartikel i bepaal is nie, 'n plek buite die perseel aanwys vir die plasing van die houers vir die verwydering van afval en sodanige houers mag slegs daar geplaas word op die tye en vir die tydperk soos deur hom bepaal.

(4) (i) Alle houers met 'n opgaarinhoud van hoogstens 0,1 m³ moet deur die bewoner met 'n vullissak voorsien word.

(ii) Geen afval wat die vullissak kan beskadig of die Raad se werknemers kan beseer met die verwydering van die afval mag in die vullissakke geplaas word sonder dat die bewoner die nodige voorsorg getref het om sodanige skade of beserings te verhoed nie.

(iii) Geen afval wat weens die massa of ander eienskappe daarvan, dit vir die Raad se werknemers moeilik sal maak om die vullissakke te dra of hanteer, insluitend vloeistowwe, mag in die vullissakke geplaas word nie.

(5) Behoudens die bepalings van artikel 2(3) kan enige bewoner wat die Raad se skriftelike toestemming verkry het, karton, riffelkarton, papier, glas of ander afval verkoop of vervreem vir herwinning of hergebruik en kan huisafval vir komposdoeleindes gebruik word. Indien die Raad dit vereis moet die bewoner/okkupant 'n houer van die soort en grootte, deur die Hoof: Gemeenskapsdienste bepaal, vir die berging van hierdie afval voorsien.

4. Aanstootlike afval

(1) Die eienaar/okkupeerder van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan moet die Hoof: Gemeenskapsdienste in kennis stel waaruit die afval bestaan en as die Raad dit vereis moet die inligting gestaaf word deur 'n sertifikaat van 'n gekwalifiseerde bedryfskeikundige of 'n persoon deur die Hoof: Gemeenskapsdienste aangewys.

(2) Die eienaar/okkupant van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad in kennis stel van enige verandering in die samestelling en die hoeveelheid daarvan, en indien die Raad dit vereis moet die inligting gestaaf word soos in subartikel 1, vereis.

5. Stortingsterreine

(1) Niemand mag 'n stortingsterrein waaroor die Raad beheer uitoefen binnegaan nie, behalwe met die doel om afval te stort of kragtens 'n kontrak met die Raad afval te herwin en enige persoon wat die stortingsterrein betree: –

i) mag die terrein slegs betree op tye soos deur die Raad bepaal;

ii) mag die terrein slegs by die gemagtigde plek binnegaan;

iii) moet, indien hy afval wil stort, die afval aanbied op die wyse deur die Raad vereis om die massa te meet en indien die Raad dit vereis besonderhede betreffende die samestelling van die afval verskaf;

iv) moet alle opdragte van die Raad in verband met toegang tot die werklike stortingsplek, die plek en manier waarop die afval gestort word nakom.

(2) Niemand mag enige vuur op die stortingsterrein maak nie.

(3) Niemand mag gevaarlike afval of enige toksiese materiaal op 'n stortingsterrein van die Raad stort nie.

(4) Die eiendomsreg van alle afval en vullissakke wat deur die Raad verwyder en op die Raad se stortingsterrein ontvang is, setel in die Raad.

(5) Tensy die skriftelike toestemming van die Raad verkry is, mag slegs afval afkomstig van persele binne die Raad se munisipale grens op die stortingsterrein gestort word.

(6) Behoudens die bepalings van subartikel 5, moet alle afval wat deur die bewoner verwyder word op die Raad se stortingsterrein gestort word tensy die Raad skriftelike toestemming verleen het dat die afval op 'n ander plek gestort mag word.

6. Rommelstrooiery en storting

(1) (i) Niemand mag enige rommel gooi, stort of toelaat dat dit gegooi, gestort of gelaat word op enige grond- of wateroppervlak, straat, pad of terrein in of op enige plek waartoe die publiek toegang het nie, behalwe in 'n houer deur die Raad vir hierdie doel voorsien of op 'n plek wat spesiaal vir die doel aangewys, ingerig of afgesonder is.

(ii) Elke persoon of instansie wat in beheer is van of verantwoordelik is vir die instandhouding van 'n plek waartoe die publiek toegang het, moet te alle tye sorg dra dat houers of plekke voorsien word wat normaalweg voldoende en geskik is vir die storting van rommel deur die publiek.

(2) Vir die doel van subartikel 1 word dit geag dat die eienaar van 'n perseel sodanige item gelaat het of toegelaat het dat dit gelaat word, tensy en totdat die teendeel bewys word.

7. Algemene bepalings

(1) Waar, na die mening van die Hoof: Gemeenskapsdienste die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens skade aan enige perseel of besering aan enige persoon kan veroorsaak, kan hy as voorwaarde vir die lewering van sodanige diens vereis dat die eienaar/okkupant die Raad skriftelik vrywaar teen sodanige skade of besering of enige eis wat daaruit mag voortspruit.

(2) Die verantwoordelikheid berus by die eienaar/okkupant om die Hoof: Gemeenskapsdienste ten minste 30 dae skriftelik kennis te gee dat die afval wat op sy perseel ontstaan verminder het en die diskresie berus uitsluitlik by die Hoof: Gemeenskapsdienste om te bepaal of die vermindering in afval 'n vermindering in dienslewering tot gevolg kan hê.

(3) Enigiemand aan wie 'n diens ingevolge hierdie verordeninge gelewer word of enigiemand wat afval op die stortingsterrein stort, is aanspreeklik vir die betaling van die tariewe soos uiteengesit in die perseeltariewe van die Raad en die Raad behou die reg voor om die tariewe vir die vullisverwyderingsdienste van die eienaar en bewoner, gesamentlik en afsonderlik, te verhaal.

(4) Vir die doeleindes vir die berekening van die tariewe beteken "maand" 'n kalendermaand of gedeelte daarvan.

(5) Die Raad behou die reg voor om tariewe ingevolge die perseeltariewe ten opsigte van enige vullisverwyderingsdiens wat 'n aanvang geneem het voor die inwerkingtreding van hierdie verordeninge te hef totdat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) deur die Hoof: Gemeenskapsdienste ontvang en goedgekeur is.

8. Strafbepaling

Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om enige gelde in-

gevolge hierdie verordeninge betaalbaar te betaal. begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2000,00 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf en is verantwoordelik vir die betaling van enige koste deur die Raad aangegaan as gevolg van sodanige misdryf, en wat die Raad nie sou aangegaan het as sodanige misdryf nie gepleeg was nie.

9. Herroeping van Verordeninge

Deel iv, Hoofstuk 1, Artikel 45 tot en met Artikel 46 van die Publieke Gesondheidsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949 word hierby herroep.

H J HUMAN
Stadsklerk

Stadhuis
Brakpan
Kennisgewing Nr. 117/1991-08-22

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3915

BRONKHORSTSPRUIT TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE SANITARY TARIFFS

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Bronkhorstspruit Town Council has by Special Resolution amended section B1(2) of the Sanitary Tariff published under Administrator's Notice No. 411 dated 7 June 1961 by the substitution for the figure "R7" of the figure "R9,45" with effect from 1 July 1991.

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 40
Bronkhorstspruit
1020
16 October 1991
Notice No. 23/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3915

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN SANITÊRE TARIEF

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Bronkhorstspruit by Spesiale Besluit die Sanitêre Tarief soos afgekondig by Administrateurskennisgewing Nr. 411 gedateer 7 Junie 1961 verder gewysig het deur in item B1(2) die syfer "R7" deur die syfer "R9,45" te vervang met ingang van 1 Julie 1991.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 40
Bronkhorstspruit
1020
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 23/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3916

BRONKHORSTSPRUIT TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY SERVICES

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Bronkhorstspruit Town Council has by Special Resolution amended the Tariff of Charges published under Administrator's Notice No. 1082 dated 3 August 1977 as amended, with effect from 1 July 1991, as per schedule hereunder —

SCHEDULE

1. By the substitution in item 1(1) for the figures "R3,34" and "R0,1550" of the figures "R4,30" and "R0,1996".

2. By the substitution in item 1(2) for the figure "R0,59" of the figure "R0,68".

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 40
Bronkhorstspruit
1020
16 October 1991
Notice No. 30/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3916

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN TARIEWE TEN OPSIGTE VAN WATERVOORSIENING

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Bronkhorstspruit by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde gepubliseer onder Administrateurskennisgewing Nr. 1082 gedateer 3 Augustus 1977 soos gewysig, met ingang van 1 Julie 1991 verder gewysig het soos in onderstaande Bylae aangedui.

BYLAE

1. Deur in item 1(1) die syfers "R3,34" en "R0,1550" deur die syfers "R4,30" en R0,1996" te vervang.

2. Deur in item 1(2) die syfer "R0,59" deur die syfer "R0,68" te vervang.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 40
Bronkhorstspruit
1020
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 30/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3917

BRONKHORSTSPRUIT TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF DRAINAGE SERVICES

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Bronkhorstspruit Town Council has by Special Resolution amended the Tariff of Charges, Part II of Schedule B, published under Administrator's Notice No. 305 dated January 1983 by amending the Tariff of Charges with effect from 1 July 1991, as per Schedule hereunder —

SCHEDULE

1. Availability Charge

By the substitution in item (2) for the figures "R2,48", "R0,3472" and "R5,95" of the figures "R2,85", "R0,3993" and "R6,84".

2. Additional Charges

2.1 By the substitution in items (1) and (2) for the figure "R7,16" of the figure "R8,23".

2.2 By the substitution in items (3)(a) and (3)(b) for the figure "R12,35" of the figure "R14,20".

2.3 By the substitution in items (4) and (5) for the figure "R6,17" of the figure "R7,10".

2.4 By the substitution in item (6) for the figure "R0,3727" of the figure "R0,4286".

2.5 by the substitution in item (7) for the figure "R0,2633" of the figure "R0,3028".

2.6 By the substitution in item (8)(a) for the figure "R6,17" of the figure "R7,10".

2.7 By the substitution in items (8)(b) and (9) for the figure "R0,1109" of the figure "R0,1275".

2.8 By the substitution in item (10) for the figure "R0,2633" of the figure "R0,3028".

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 40
Bronkhorstspruit
1020
16 October 1991
Notice No. 31/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3917

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN RIOLERINGSDIENSTE

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Bronkhorstspruit by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde, Deel II van Bylae B, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing Nr. 3 gedateer 5 Januarie 1983, soos gewysig, met ingang van 1 Julie 1991 gewysig het, soos in die Bylae hieronder aangedui.

BYLAE

1. Beskikbaarheidsgelde

Deur in item (2) die syfers "R2,48", "R0,3472" en "R5,95" deur die syfers "R2,85", "R0,3993" en "R6,84" te vervang.

2. Bykomende Gelde

2.1 Deur in items (1) en (2) die syfer "R7,16" deur die syfer "R8,23" te vervang.

2.2 Deur in items (3)(a) en (3)(b) die syfer "R12,35" deur die syfer "R14,20" te vervang.

2.3 Deur in items (4) en (5) die syfer "R6,17" deur die syfer "R7,10" te vervang.

2.4 Deur in item (6) die syfer "R0,3727" deur die syfer "R0,4286" te vervang.

2.5 Deur in item (7) die syfer "R0,2633" deur die syfer "R0,3028" te vervang.

2.6 Deur in item (8)(a) die syfer "R6,17" deur die syfer "R7,10" te vervang.

2.7 Deur in items (8)(b) en (9) die syfer "R0,1109" deur die syfer "R0,1275" te vervang.

2.8 Deur in item (10) die syfer "R0,2633" deur die syfer "R0,3028" te vervang.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 40
Bronkhorstspruit
1020
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 31/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3918

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LOANS FROM THE BURSARY LOAN FUND

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, that the Town Council of Carletonville intends to further amend the By-laws Relating to Loans from the Bursary Loan Fund promulgated under Administrator's Notice 297 dated 19 April 1961, as amended.

The general purport of the amendment is to implement new conditions for the allocation of bursary loans.

Copies of the amendment lie open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Office Building, Halite Street, Carletonville for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person desirous of objecting to the amendment of the By-laws Relating to Loans from the Bursary Loan Fund, must do so in writing to the Chief Executive/Town Clerk within fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C.J. DE BEER
Chief Executive/Town Clerk

Municipal Office Building
Halite Street
PO Box 3
Carletonville
2500
1 October 1991
Notice No. 39/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3918

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LENINGS UIT DIE BEURSLENINGSFONDS

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad van Carletonville van voorneme is om die Verordeninge Betreffende Lenings uit die Beursleningsfonds, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing 297 gedateer 19 April 1961, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om nuwe maatstawwe vir die toekenning van beurslenings daar te stel.

Afskrifte van die wysiging lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantoorgebou, Halitestraat, Carletonville vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging van die Verordeninge Betreffende Lenings uit die Beursleningsfonds wil maak, moet dit skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk doen binne veertien (14) dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

C.J. DE BEER
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk

Munisipale Kantoorgebou
Halitestraat
Posbus 3
Carletonville
2500
1 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 39/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3919

LOCAL AUTHORITY OF CARLETONVILLE

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1990/91 (1 JULY 1990 TO 30 JUNE 1991)

(Regulation 5)

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provisional valuation roll for the Financial Year 1990/91 (1 July 1990 to 30 June 1991) is open for inspection at the office of the Local Authority of Carletonville from 16 October 1991 to 15 November 1991 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Chief Executive/Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J.J. BAYARDS
Acting Chief Executive/Town Clerk

Town Council of Carletonville
Halite Street
Carletonville
2500
1 October 1991
Notice No. 47/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3919

PLAASLIKE BESTUUR VAN CARLETONVILLE

KENNISGEWING VAN BESWARE TEEN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS AANVRA VIR DIE BOEKJAAR 1990/91 (1 JULIE 1990 TOT 30 JUNIE 1991)

(Regulasie 5)

Kennis word hierby ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die Boekjaar 1990/91 (1 Julie 1990 tot 30 Junie 1991) oop is vir inspeksie by die kantoor van die plaaslike bestuur van Carletonville vanaf 16 Oktober 1991 tot 15 November 1991 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys, opgeteken, soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J.J BAYARDS
Waarnemende Uitvoerende Hoof/Stadsklerk

Stadsraad van Carletonville
Halitestraat
Carletonville
2500
1 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 47/1991

16—23

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3920

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

TOWN LANDS BY-LAWS: AMENDMENT OF DETERMINATION OF GRAZING CHARGES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Christiana has by Special Resolution further amended the Determination of Grazing Charges published under Notice 27/1983 dated 5 October 1983, as amended, with effect from 1 August 1991 as follows:

1. By the substitution in item 1 for the figure "R5" of the figure "R15".

2. By the insertion after item 1 of the following:

"2. Milk Cows in respect of Grazing Camps 25 and 26 per head per month or part thereof: R5.".

A.J. CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 13
Christiana
2680
26 September 1991
Notice No. 29/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3920

STADSRAAD VAN CHRISTIANA

DORPSGRONDEVERORDENINGE: WYSIGING VAN VASSTELLING VAN WEIGELDE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Christiana by Spesiale Besluit die Vasstelling van Weigelde afgekondig by Kennisgewing No. 27/1983 van 5 Oktober 1983, soos gewysig, met ingang 1 Augustus 1991 verder soos volg gewysig het:

1. Deur in item 1 die syfer "R5" deur die syfer "R15" te vervang.

2. Deur in item 1 die volgende in te voeg:

"2. Melkkoeie ten opsigte van Weikampe 25 en 26 per stuk per maand of gedeelte daarvan: R5.".

A.J. CORNELIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 13
Christiana
2680
26 September 1991
Kennisgewing Nr. 29/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3921

CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO THE PUBLIC PARKS BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Germiston intends amending the By-Laws for Public Parks.

The general purport of the amendment is to regulate camping at public parks.

A copy of the resolution and particulars of the amendment are open for inspection during office hours at Room 037, Civic Centre, Cross Street, Germiston, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette, to wit from 16 October 1991 until 1 November 1991.

Any person who desires to object to this amendment must do so in writing to the Town Clerk within 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette, to wit from 16 October 1991 until 1 November 1991.

A W HEYNEKE
Town Clerk

Civic Centre
Cross Street
Germiston
Notice No. 193/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3921

STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE BETREFFENDE OPENBARE PARKE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonannsie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Germiston van voorneme is om die Verordeninge Betreffende Openbare Parke te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om kampering in die Openbare Parke te reël.

'n Afskrif van die besluit en besonderhede van die wysiging lê gedurende kantoorure by Kamer 037, Burgersentrum, Cross-straat, Germiston, ter insae vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, te wete vanaf 16 Oktober 1991 tot 1 November 1991.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging wil maak moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, te wete 16 Oktober 1991 tot 1 November 1991.

A W HEYNEKE
Stadsklerk

Burgersentrum
Cross-straat
Germiston
Kennisgewing Nr. 193/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3922

CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CEMETERY CHARGES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Germiston City Council has, by Special Resolution, determined the cemetery charges with effect from 1 July 1991, as follows:

SCHEDULE

1. The following charges shall be payable:

(1) For a single, second and subsequent interment of a resident:

(a) Adult: R80.

(b) Child, including a still-born child: R50.

(2) For a single, second and subsequent interment of a non-resident adult, child, including a still-born child: R100.

(3) For the interment of an indigent person: Adult or child: R20.

(4) For the opening of a grave and transferring the body to another grave: R80.

(5) For the purchase of the use of ground in terms of section 26:

(a) For each grave in which an interment already took place or for each grave purchased by a resident:

(i) Adult: R150.

(ii) Child: R150.

(b) For each grave purchased by non-residents:

(i) Adult: R800.

(ii) Child: R800.

(6) Enlargement of grave opening, for each body: R40.

(7) Exhumation of each body: R80.

(8) Interment of urn:

(a) Resident:

(i) Adult: R80.

(ii) Child: R50.

(b) Non-resident:

(i) Adult: R100.

(ii) Child: R100.

The following charges shall be payable for the placing of cremated remains in the Wall of Remembrance:

(1) For the purchase of a niche by

(a) a resident: R50

(b) a non-resident: R120.

(2) For placing an urn in a niche: R10.

(3) For the subsequent opening of a niche and placing of another urn: R10.

The following charges shall be payable for consents, transfer of purchase rights and special requests:

(1) Consent to erect a memorial, for each consent: R20.

(2) Transfer of purchase rights, per transfer: R10.

(3) Funerals of members of the security forces: Free.

(4) Funerals by special request, after normal office hours, where the services of Council employees are necessary or requested:

(a) By a resident:

(i) Adult: Purchase price of grave plus R400.

(ii) Child: Purchase price of grave plus R250.

(b) By a non-resident

(i) Adult: Purchase price of grave plus R500.

(ii) Child: Purchase price of grave plus R500.

(5) Permission for the exhumation of a body: R30.

A W HEYNEKE
Town Clerk

Civic Centre
Cross Street
Germiston
21 August 1991
Notice No. 192/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3922

STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE BEGRAAFPLASE

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Germiston by Spesiale Besluit die gelde met betrekking tot begraafplase met ingang van 1 Julie 1991 soos volg hervasgestel het:

BYLAE

1. Die volgende gelde is betaalbaar:

(1) Vir 'n enkele, tweede en daaropvolgende teraardebestelling van 'n inwoner:

(a) Volwassene: R80 .

(b) Kind, met inbegrip van 'n doodgebore kind: R50.

(2) Vir 'n enkele, tweede en daaropvolgende teraardebestelling van 'n nie-inwoner, volwassene en kind, met inbegrip van 'n doodgebore kind: R100.

(3) Vir die teraardebestelling van 'n behoeftige

Volwassene of kind: R20.

(4) Vir die oopmaak van 'n graf en die oorplasing van die liggaam na 'n ander graf: R80.

(5) Vir die aankoop van gebruik van grond ingevolge artikel 26:

(a) Vir elke graf waarin reeds 'n teraardebestelling plaasgevind het of vir elke graf wat deur 'n persoon wat 'n inwoner is, aangekoop word:

(i) Volwassene: R1 50 .

(ii) Kind: R150.

(b) Vir elke graf wat deur nie-inwoners aangekoop word:

(i) Volwassene: R800.

(ii) Kind: R800.

(6) Groter maak van 'n grafopening, vir elke lyk: R40.

(7) Opgrawing van elke lyk: R80.

(8) Teraardebestelling van as van mense in graf:

(a) Inwoner:

(i) Volwassene: R80.

(ii) Kind: R50.

(b) Nie-inwoner:

(i) Volwassene: R100.

(ii) Kind: R100.

Die volgende gelde is betaalbaar vir die plasing van veraste oorskotte in die Muur van Herinnering:

(1) Vir die aankoop van 'n nis deur

(a) 'n inwoner: R50

(b) 'n nie-inwoner: R120.

(2) Vir die plasing van 'n lykbus in 'n nis: R10.

(3) Vir die daaropvolgende oopmaak van 'n nis en die plasing van 'n verdere lykbus daarin: R10.

Die volgende gelde is betaalbaar vir toestemmings, oordrag van aankoopregte en spesiale versoeke:

(1) Toestemming vir die oprigting van 'n gedenkteken, vir elke toestemming: R20.

(2) Oordrag van die aankoopregte, per oordrag: R10.

(3) Begrafnis van lede van die veiligheidsmagte: Gratis.

(4) Begrafnis op spesiale versoek, na gewone kantoorure, waar die dienste van werknemers van die Raad nodig is of versoek word:

(a) Deur 'n persoon wat'n inwoner is:

(i) Volwassene: Aankoopprys van graf plus R400.

(ii) Kind: Aankoopprys van graf plus R250.

(b) Deur 'n persoon wat'n nie-inwoner is:

(i) Volwassene: Aankoopprys van graf plus R500.

(ii) Kind: Aankoopprys van graf plus R500.

(5) Toestemming vir die opgrawing van 'n lyk: R30.

A W HEYNEKE
Stadsklerk

Burgersentrum
Cross-straat
Germiston
21 Augustus 1991
Kennisgewing No. 192/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3923

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED CLOSURE OF SANITARY LANE, PARKVIEW

(Notice in terms of Section 67 of the Local Government Ordinance, 1939.)

The Council intends to close permanently the sanitary lane in the block bounded by Kinross and Ennis Roads and Dundalk and Tyrone Avenues, Parkview.

Details of the Council's resolution and a plan of the sanitary lane to be closed may be inspected during ordinary office hours at Room S211, Second Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Any person who objects to the proposed closing or who will have any claim for compensation if the closing is effected must lodge such objection or claim with me on or before 18 December 1991.

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3923

STAD JOHANNESBURG

BEOOGDE SLUITING VAN SANITASIESTEEG, PARKVIEW

(Kennisgewing ingevolge artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.)

Die Raad is voornemens om die sanitasiesteeg in die blok begrens deur Kinross- en Enisweg en Dundalk- en Tyronelaan, Parkview, permanent te sluit.

Besonderhede van die Raad se besluit en 'n plan waarop die sanitasiesteeg wat gesluit gaan word, aangedui word, is gedurende gewone kantoorure ter insae in Kamer S211, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Enigeen wat teen die beoogde sluiting beswaar wil aanteken of wat enige eis om vergoeding sal hê indien die sluiting bewerkstellig word, moet sodanige beswaar of eis teen uiters 18 Desember 1991 by my indien.

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3924

JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979

CORRECTION NOTICE

It is hereby notified in terms of Section 60 of the Town-Planning and Townships Ordinance, 15 of 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the correction of an error which has occurred in the Johannesburg Town-Planning Scheme, 1979 by the substitution of the following for the contents of Column 9 of the schedule to Amendment Scheme 2941, relating to Erf 1841, Houghton Estate:

"0,2 provided that the City Council may consent to an additional 0,02. Garages, servants quarters and covered verandahs may be excluded from the floor area."

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3924

DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979

REGSTELLINGSKENNISGEWING

Daar word hierby ingevolge artikel 60 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 15 van 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die regstelling van 'n fout in die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, deur die inhoud van kolom 9 in die bylae by Wysigingskema 2941, in verband met erf 1841, Houghton Estate, deur die volgende te vervang, goedgekeur het:

"0,2 met dien verstande dat die Stadsraad mag toestem tot 'n bykomende 0,02. Garages, bediendekamers en oordekte verandas mag by die vloeroppervlakte uitgesluit word."

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3925

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

(AMENDMENT SCHEME 3432)

The City Council of Johannesburg hereby give notice in terms of section 28(1)(a) read with sec-

tion 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft Town-planning Scheme to be known as Johannesburg Amendment Scheme 3432 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone a portion of Protea Road and a portion of Axle Road, Devland from Existing Public Road to Industrial 1, height zone 0 (3 storeys) subject to the general provisions of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979.

The effect is to rezone a portion of Protea and Axle Roads which adjoin Erf 74, Devland, in accordance with Erf 74's zoning and then sell and consolidate these road portions with Erf 74, Devland.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg for a period of 28 days from 16 October 1991.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein within a period of 28 days from 16 October 1991.

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3925

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

(WYSIGINGSKEMA 3432)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 3432 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n Wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om 'n gedeelte van Proteaweg en 'n gedeelte van Axleweg, Devland vanaf Bestaande Openbare Pad na Industrieel 1, hoogtesone 0 (3 verdiepings) te hersoneer onderworpe aan die algemene bepalings van die Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979.

Die uitwerking hiervan is dat bogenoemde gedeeltes van Proteaweg en Axleweg, wat aangrensend aan Erf 74, Devland geleë is, in ooreenstemming met die huidige sonering van Erf 74 te hersoneer ten einde die verkoop en konsolidasie van hierdie padgedeeltes met Erf 74, Devland te bewerkstellig.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 16 Oktober 1991 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Beplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of vertoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 16 Oktober 1991 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein gerig word.

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg

16—23

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3926

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

(AMENDMENT SCHEME 3425)

The City Council of Johannesburg hereby give notice in terms of section 28(1)(a) read with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft Town-planning Scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 3425 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone Erven 1665, 1666, 1751, 1765, 1766, 1798, 1906, 1927, 1963 and 2013, Klipspruit West Extension 1 to amend Table A and column 12 of Amendment Scheme 1263 pertaining to the 3 m building lines in respect of the above erven.

The effect is to rectify the omissions that occurred on Amendment Scheme 1263 so as to allow for the 3 m building line to be relaxed.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg for a period of 28 days from 16 October 1991.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein within a period of 28 days from 16 October 1991.

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3926

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

(WYSIGINGSKEMA 3425)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema wat as Johannesburg se Wysigingskema 3425 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n Wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Erwe 1665, 1666, 1751, 1765, 1766, 1798, 1906, 1927, 1963 en 2013, Klipspruit-Wes Uitbreiding 1 te hersoneer om Tabel A en kolom 12 van Wysigingskema 1263 rakende die 3 m boulyn van toepassing op bogenoemde erwe te wysig.

Die uitwerking hiervan is om die foute wat op Wysigingskema 1263 voorkom reg te stel, ten einde die verslapping van die 3 m boulyn toe te laat.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 16 Oktober 1991 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Beplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of vertoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 16 Oktober 1991 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein gerig word.

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg

16—23

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3927

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE BLAAUWPAN YOUTH CAMP GROUNDS

It is hereby notified in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, that the Council has amended the following tariff of charges of the Blaauwpan Youth Camp Grounds, as set out below, as from 1 August 1991: —

OVERNIGHT ACCOMMODATION AT THE BLAAUWPAN YOUTH CAMP GROUNDS

Schools, Churches and Youth Organizations affiliated with the Central Culture Liaison Committee.

		Outside area
10-20 Children under supervision — per night per group	R 35,00	R100,00
21-40 Children under supervision — per night per group	R 70,00	R150,00
41-80 Children under supervision — per night per group	R 90,00	R200,00
81 + Children under supervision — per night per group	R115,00	R250,00

Deposit: R200,00 per group.

GATHERINGS: FAMILY, CARAVAN, SEMINARS AND SOCIAL MEETINGS

		Outside area
08:00—16:00	R 70,00	R140,00 per group
16:00—24:00	R 90,00	R280,00 per group
		Outside area
00:00—24:00	R115,00	R340,00 per group

Deposit: R200,00 per group.

Groups may not exceed 200 persons.

DAY VISITORS

Motor-cars: R3,50.

Adults: R1,50.

School-children: R0,80.

Windsurfer-board/boats (per windsurfing board/boat): R8,00.

H-J K MÜLLER
Town Clerk

Town Hall
Margaret Avenue
(PO Box 13)
Kempton Park
16 October 1991
Notice No. 144/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3927

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN DIE BLAAUWPAN JEUGKAMPTERREIN

Daar word hierby ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Raad die tarief van gelde ten opsigte van die Blaauwpan Jeugkampterrein, soos hieronder uiteengesit, met ingang van 1 Augustus 1991 wysig: —

OORNAG HUISVESTING TE BLAAUWPAN JEUGKAMPTERREIN

Skole, Kerke en Jeugorganisasies wat by die Sentrale Kultuur-skakelkomitee geaffilieer is.

		Buite-area
10-20 kinders onder toesig — per nag per groep	R 35,00	R100,00
21-40 kinders onder toesig — per nag per groep	R 70,00	R150,00
41-80 kinders onder toesig — per nag per groep	R 90,00	R200,00
81 + kinders onder toesig — per nag per groep	R115,00	R250,00

Deposito: R200,00 per groep.

SAAMTREKKE: FAMILIE, WOONWA, SEMINARE EN GESELLIGHEDE

		Buite-area
08:00-16:00	R 70,00	R140,00 per groep
16:00-24:00	R 90,00	R280,00 per groep
		Buite-area
00:00-24:00	R115,00	R340,00 per groep

Deposito: R200,00 per groep.

Groepe mag nie 200 persone oorskry nie.

DAGBESOEKERS

Motors: R3,50.

Volwassenes: R1,50.

Skoolgaande kinders: R0,80.

Windseilplank/bote (per plank/boot): R8,00.

H-J K MÜLLER
Stadsklerk

Stadhuis
Margaretlaan
(Posbus 13)
Kempton Park
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 144/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3928

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

CORRECTION NOTICE

AMENDMENT OF LIBRARY BY-LAWS

Local Authority Notice 3524 which was published in the Provincial Gazette No 4777 dated 18 September, 1991, is hereby corrected by the substitution of the amount of "50c" where it appears, with the amount of "R1,00".

H-J K MÜLLER
Town Clerk

Town Hall
Margaret Avenue
P O Box 13
Kempton Park
16 October, 1991
Notice No. 146/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3928

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

REGSTELLINGSKENNISGEWING

WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Plaaslike Bestuurskennisgewing 3524 wat in die Provinsiale Koerant No 4777 gedateer 18 September 1991 gepubliseer is, word hierby reggestel deur die bedrag "50c" waar dit voorkom te vervang met die bedrag van "R1,00".

H-J K MÜLLER
Stadsklerk

Stadhuis
Margaretlaan
Posbus 13
Kempton Park
16 Oktober 1991
Kennisgewing No. 146/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3929

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 284

The Town Council of Kempton Park hereby gives notice in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the application for the rezoning of Erven 684 to 690, Cresslawn Township from "Public Open Space" to "Public Road" has been approved.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme will be open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Town Hall, Margaret Avenue, Kempton Park and the office of the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Private Bag X340, Pretoria.

The amendment scheme is known as Kempton Park Amendment Scheme 284 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

H-J K MÜLLER
Town Clerk

Town Hall
Margaret Avenue
(PO Box 13)
Kempton Park
16 October 1991
Notice No. 147/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3929

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

KEMPTON PARK-WYSIGINGSKEMA 284

Die Stadsraad van Kempton Park gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat die aansoek om die hersonering van Erwe 684 tot 690, dorp Cresslawn vanaf "Openbare Oopruimte" na "Openbare Pad" goedgekeur is.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Margaretlaan, Kempton Park en die kantoor van die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Privaatsak X340, Pretoria.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Kempton Park-wysigingskema 284 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

H-J K MÜLLER
Stadsklerk

Stadhuis
Margaretlaan
(Posbus 13)
Kempton Park
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 147/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3930

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 289

The Town Council of Kempton Park hereby gives notice in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the application for the rezoning of Erf 2344, Birch Acres Extension 7 Township, from "Business 3" to "Business 2" including a motor-car workshop, subject to certain conditions has been approved.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme will be open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Town Hall, Margaret Avenue, Kempton Park and the office of the Head of Department, Department of Local Government, Housing and

Works, Administration: House of Assembly, Private Bag X340, Pretoria.

The amendment scheme is known as Kempton Park Amendment Scheme 289 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

H-J K MÜLLER
Town Clerk

Town Hall
Margaret Avenue
(PO Box 13)
Kempton Park
16 October 1991
Notice No. 145/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3930

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

KEMPTON PARK-WYSIGINGSKEMA 289

Die Stadsraad van Kempton Park gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat die aansoek om die hersonering van Erf 2344, dorp Birch Acres Uitbreiding 7, vanaf "Besigheid 3" na "Besigheid 2" met die insluiting van 'n motorwerkswinkel onderworpe aan sekere voorwaardes goedgekeur is.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Margaretlaan, Kempton Park en die kantoor van die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Privaatsak X340, Pretoria.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Kempton Park-wysigingskema 289 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

H-J K MÜLLER
Stadsklerk

Stadhuis
Margaretlaan
(Posbus 13)
Kempton Park
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 145/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3931

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

AMENDMENT OF TARIFF FOR THE USE OF HANDLING EQUIPMENT AT THE KLERKSDORP NATIONAL FRESH PRODUCE MARKET

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council has resolved to amend its tariff *for the use of handling equipment at the Klerksdorp* National Fresh Produce Market with effect from 30 September 1991 as follows: –

ITEM 1 – TARIFF FOR THE USE OF HANDLING EQUIPMENT

(a) Hiring of barrows (housewife's type) per day or part of a day: R0,59

(b) Hiring of barrows (trader's type) per day or part of a day: R0,59

(c) Hiring of hydraulic pallet lifters per day or part of a day: R3,18

(d) Hiring of forklift for loading or off-loading of produce (excluding bananas) R2,36 per pallet

Copies for the resolution will lie for inspection at room 130, Civic Centre, during office hours for a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who has any objection to the resolution must lodge his objection in writing with the undersigned within a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Civic Centre
Klerksdorp
3 October 1991
Notice No 149/1991

J L MULLER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3931

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

WYSIGING VAN TARIEF VIR DIE GEBRUIK VAN HANTERINGSTOERUSTING BY DIE KLERKSDORP NASIONALE VARSPRODUKTEMARK

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad besluit het om die tarief vir die gebruik van hanteringstoerusting by die Klerksdorp Nasionale Varsproduktemark met ingang van 30 September 1991 soos volg te wysig: –

ITEM 1 – TARIEF VIR DIE GEBRUIK VAN HANTERINGSTOERUSTING

(a) Huur van stootkarretjies (huisvroutipe) per dag of gedeelte van 'n dag: R0,59

(b) Huur van trekwaentjie (handelaarstipe) per dag of gedeelte van 'n dag: R0,59

(c) Huur van hidrouliese palethysers per dag of gedeelte van 'n dag: R3,18

(d) Huur van vurkhyser vir laai en aflaai van produkte (uitgesonderd piesangs) R2,36 per palet

Afskrifte van die besluit sal gedurende kantoorure by Kamer 130, Burgersentrum vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant ter insae lê.

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the Council intends promulgating its Building Tariffs.

The general purport of this notice is to promulgate the building tariffs as determined in accordance with Council's annual estimates for the following financial year.

Copies of the proposed Tariffs are open for inspection at the office of the Town Secretary for a period of 14 (fourteen) days after date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said tariffs, must do so in writing to the undermentioned within the said period.

Civic Centre
PO Box 218
Randfontein
1760
25 September 1991
Notice No. 83/1991

L M BRITS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3979

STADSRAAD VAN RANDFONTEIN

AFKONDIGING VAN BOUTARIEWE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, Nr. 17

van 1939, bekend gemaak dat die Raad voorneens is om sy Boutariewe af te kondig.

Die algemene strekking van hierdie afkondiging is om boutariewe ooreenkomstig die Raad se jaarlikse begroting vas te stel.

Afskrifte van hierdie konseptariewe lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die afkondiging van genoemde Tariewe wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 (veertien) dae vanaf datum van publikasie by die ondergetekende doen.

L M BRITS
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 218
Randfontein
1760
25 September 1991
Kennisgewing Nr. 83/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3980

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

LOCAL AUTHORITY OF ROODEPOORT

VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1991/93

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1991/93 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4) may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board at Room 42, Third Floor, Civic Centre, Christiaan de Wet Road, Florida Park during normal office hours.

H.J. DU PLESSIS
Secretary: Valuation Board

Civic Centre
Roodepoort
16 October 1991
Notice No. 178/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3980

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

PLAASLIKE BESTUUR VAN ROODEPOORT

WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1991/93

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelaæting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys vir die boekjare 1991/93 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appal soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie, maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op derglike wyse teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad gedurende gewone kantoorure verkry word by kamer 42, Derde Vloer, Burgersentrum, Christiaan de Wetweg, Florida Park.

H.J. DU PLESSIS
Sekratais: Waarderingsraad

Burgersentrum
Roodepoort
16 Oktober 1991
Kennisgewing No. 178/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3981

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

NOTICE OF CORRECTION

RUSTENBURG AMENDMENT SCHEME 157

Notice is hereby given in terms of Section 57(1) of the Townplanning and Township Ordinance, 1986, that whereas an error occurred on map 3 of the above-mentioned scheme which were published by Notice No. 188 in the Provincial Gazette dated 9 January 1991, the Town Council approved substitution of the aforementioned map 3 by the amended map 3.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
P O Box 16
Rustenburg
0300
Notice No. 135/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3981

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

KENNISGEWING VAN VERBETERING

RUSTENBURG-WYSIGINGSKEMA 157

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat nademaal 'n fout voorgekom het op kaart 3 van bovermelde wysigingskema wat by Kennisgewing No 188 op 9 Januarie 1991 in die Provinsiale Koerant gepubliseer is, die Stadsraad goedgekeur het dat die voormelde kaart 3 met die gewysigde kaart 3 vervang word.

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
Kennisgewing No: 135/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3982

TOWN COUNCIL OF SANDTON

CORRECTION NOTICE

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP: PAULSHOF EXTENSION 29

Local Authority Notice 1803 dated 22 May 1991, is hereby rectified by:

1. The substitution for condition 2(2)(a) to and including (j) as set out in the schedule thereto of the following:

"(2) The following servitudes of rights-of-way for private vehicular and pedestrian access, private utility services and refuse area purposes shall be registered:

(a) A servitude over Erf 914 in favour of Erven 913 and 912 as shown on S.G. No. A6262/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(b) A servitude over Erf 913 in favour of Erven 914 and 912 as shown on S.G. No. A6260/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(c) A servitude over Erf 911 in favour of Erven 910 and 909 as shown on S.G. No. A6258/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(d) A servitude over Erf 910 in favour of Erven 911 and 909 as shown on S.G. No. A6256/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(e) A servitude over Erf 908 in favour of Erven 907 and 906 as shown on S.G. No. A6254/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(f) A servitude over Erf 907 in favour of Erven 908 and 906 as shown on S.G. No. A6252/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(g) A servitude over Erf 905 in favour of Erven 904 and 903 as shown on S.G. No. A6250/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(h) A servitude over Erf 904 in favour of Erven 905 and 903 as shown on S.G. No. A6248/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(i) A servitude over Erf 902 in favour of Erven 901 and 900 as shown on S.G. No. A6245/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

(j) A servitude over Erf 901 in favour of Erven 902 and 900 as shown on S.G. No. A6243/90. The owners of the respective erven shall share the costs of maintaining the servitude.

2. The addition of the following condition

"2 Conditions of Title

(3) Erf 902

The erf is subject to a servitude for electrical purposes in favour of Eskom as shown on S.G. No. A.6246/90.".

S.E. MOSTERT
Town Clerk

PO Box 78001
Sandton
2146
16 October 1991
Notice No. 97/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
3982

STADSRAAD VAN SANDTON

REGSTELLINGSKENNISGEWING

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP: PAULSHOF UITBREIDING 29

Plaaslike Bestuurskennisgewing 1803 van 22 Mei 1991 word hiermee gekorrigeer deur:

1. Die vervanging van voorwaarde 2(2)(a) tot en insluitend (j) in die bygaande Bylae daartoe met die volgende.

(2.) Die volgende serwitute van reg-van-weë vir privaat voertuig- en voetgangertoegang, privaat utiliteitsdienste en uitskotareadoeleindes moet geregistreer word:

(a) 'n Serwituut oor Erf 914 ten gunste van Erwe 913 en 912 soos aangedui op L.G. No. A6262/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(b) 'n Serwituut oor Erf 913 ten gunste van Erwe 914 en 912 soos aangedui op L.G. No. A6260/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(c) 'n Serwituut oor Erf 911 ten gunste van Erwe 910 en 909 soos aangedui op L.G. No. A6258/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(d) 'n Serwituut oor Erf 910 ten gunste van Erwe 911 en 909 soos aangedui op L.G. No. A6256/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(e) 'n Serwituut oor Erf 908 ten gunste van Erwe 907 en 906 soos aangedui op L.G. No. A6254/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(f) 'n Serwituut oor Erf 907 ten gunste van Erwe 908 en 906 soos aangedui op L.G. No. A6252/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(g) 'n Serwituut oor Erf 905 ten gunste van Erwe 904 en 903 soos aangedui op L.G. No. A6250/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(h) 'n Serwituut oor Erf 904 ten gunste van Erwe 905 en 903 soos aangedui op L.G. No. A6248/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(i) 'n Serwituut oor Erf 902 ten gunste van Erwe 901 en 900 soos aangedui op L.G. No. A6245/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

(j) 'n Serwituut oor Erf 901 ten gunste van Erwe 902 en 900 soos aangedui op L.G. No. A6243/90. Die eienaars van die onderskeie erwe sal die onderhoudskoste van die serwituut deel.

2. Die byvoeging van die volgende voorwaardes.

"2 Titelvoorwaardes

(3) Erf 902

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir elektriese doeleindes ten gunste van Eskom soos aangedui op L G No. A6246/90.".

S E MOSTERT
Stadsklerk

Posbus 78001
Sandton
2146
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 97/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3983

TOWN COUNCIL OF SANDTON

PROPOSED PERMANENT CLOSING AND ALIENATION OF A PORTION OF THIRD AVENUE ADJACENT TO ERF 174, MARLBORO TOWNSHIP

(Notice in terms of sections 67 and 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939)

Notice is hereby given that —

Subject to the provisions of sections 67 and 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939, the Council intends to permanently close and alienate a portion of Third Avenue adjacent to Erf 176, Marlboro Township.

Further particulars and a plan indicating the road portion(s) which the Council proposes to permanently close may be inspected during normal office hours in Room 510, Fifth Floor, Civic Centre, West Street, Sandown, Sandton.

Any person who has any objection to the proposed closure and alienation of the relevant road portion or will have any claim for compensation if the proposed permanent closure is carried out, must lodge such objection or claim in writing with the Town Clerk not later than 17 December 1991.

Reference No.: 16/4/10/M08x17

S E MOSTERT
Town Clerk

PO Box 78001
Sandton
2146
16 October 1991
Notice No. 216/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
3983

STADSRAAD VAN SANDTON

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN THIRD AVENUE AANGRENSEND AAN ERF 176, MARLBORO DORPSGEBIED

(Kennisgewing ingevolge artikels 67 en 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939)

Kennisgewing geskied hiermee dat —

Onderworpe aan die bepalings van artikels 67 en 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, is die Stadsraad van voornemens om 'n gedeelte van Third Avenue aangrensend aan Erf 176, Marlboro Dorpsgebied permanent te sluit en te vervreem.

Nadere besonderhede en 'n plan wat die voorgestelde sluiting van die betrokke straatgedeelte aandui lê gedurende gewone kantoorure ter insae in Kamer 510, Vyfde Vloer, Burgersentrum, Weststraat, Sandown, Sandton.

Enige persoon wat enige beswaar het teen die voorgestelde permanente sluiting en vervreemding van die betrokke straatgedeelte of wat enige eis tot skadevergoeding sal hê indien die voorgestelde sluiting uitgevoer word, moet sodanige beswaar of eis nie later as 17 Desember 1991 by die Stadsklerk indien.

Verwysingsnommer: 16/4/10/M08x17

S E MOSTERT
Stadsklerk

Posbus 78001
Sandton
2146
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 216/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3984

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda intends to amend the following tariffs of charges:

(a) Tariffs - Electricity.

(b) Cleansing Services Tariffs.

(c) Drainage Tariffs.

(d) Water Tariffs.

The general purport of these amendments is an adjustment of certain tariffs.

A copy of the special resolution of the Council and full particulars of the amendment of charges referred to above, are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Secunda, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who is desirous of recording his objection to the proposed amendments, must lodge such objection in writing with the Town Clerk within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

JF COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
16 October 1991
Notice No. 63/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3984

STADSRAAD VAN SECUNDA

WYSIGING VAN TARIEWE

Kennis geskied hiermee ingevolge bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda voornemens is om die onderstaande tariewe te wysig:

(a) Elektrisiteitstariewe.

(b) Reinigingstariewe.

(c) Rioleringstariewe.

(d) Watertariewe.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is die aanpassing van tariewe.

'n Afskrif van die besluit van die Raad en die volle besonder hede van die wysiging van gelde waarna hierbo verwys word, is gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Secunda vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die voorgestelde wysigings, moet sodanige beswaar skriftelik by die Stadsklerk indien binne veertien (14) dae na die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

JF COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 2
Secunda
2302
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 63/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3985

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES

CORRECTION NOTICE

Notice is hereby given that Municipal Notice 2956, published in the Provincial Gazette on Wednesday, 14 August 1991, is hereby corrected by the substitution for the figures "R16,60" and "R18,60", where it appears in the English and Afrikaans section of the notice under item 10 Electricity Tariffs of the figures "R18,20" and "R20,50".

JF COERTZEN
Town Clerk

Town Council of Secunda
PO Box 2
Secunda
2302
16 October 1991
Notice No. 61/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3985

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Kennis word hiermee gegee dat Munisipale Kennisgewing 2956, soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant op Woensdag, 14 Augustus 1991, hierby verbeter word deur die syfers "R16,60" en "R18,60", waar dit in die Afrikaanse en Engelse gedeelte van die kennisgewing onder item 10 Elektrisiteitestariewe voorkom, deur die syfers "R18,20" en "R20,50" te vervang.

JF COERTZEN
Stadsklerk

Stadsraad van Secunda
Posbus 2
Secunda
2302
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 61/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3986

SCHWEIZER-RENEKE MUNICIPALITY

AMENDMENT AND DETERMINATION OF TARIFFS AND CHARGES

Notice is hereby given in terms of Section 80B(3) of the Local Government Ordinance 17 of 1939 that the Council has by Special Resolution dated 26 August 1991 amended and determined charges in respect of the Wentzeldam.

The amendment and determination will come into effect on the 1st September 1991. The General purport of the amenament and determinations is the institution of differential charges for different times of the year.

Copies of the amendments, determinations, resolutions and by-laws will be open for inspection at the Office of the Town Clerk, Municipal Office, Schweizer-Reneke during normal office hours for a period of 14 days from date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendments, determinations and withdrawals must lodge this objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal.

A. ENGELBRECHT
Town Clerk

Municipal Office
P.O.Box 5
Schweizer-Reneke
2780
16 October 1991
Notice No. 28/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3986

MUNISIPALITEIT VAN SCHWEIZER-RENEKE

WYSIGING EN VASSTELLING VAN GELDE

Hierby word ingevolge die Bepalings van Artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939 kennis gegee dat die Stadsraad by Spesiale Besluit op 26 Augustus 1991 gelde gewysig en vasgestel het met ingang vanaf 1 September 1991 ten opsigte van die Wentzeldam.

Die algemene strekking van die wysiging en vasstelling is die instelling van gedifferensieerde tariewe vir verskillende tye van die jaar.

Afskrifte en besonderhede van die wysiging, vasstelling, besluite en verordeninge lê ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Schweizer-Reneke gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings, vasstellings en intrekkings wil maak moet sodanige beswaar binne 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal skriftelik by ondergetekende indien.

A ENGELBRECHT
Stadsklerk

Munisipale Kantore,
Posbus 5
Schweizer-Reineke
2780
16 Oktober 1991
Kennisgewing No. 28/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3987

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

NOTICE OF VEREENIGING AMENDMENT SCHEME 1/438

Notice is hereby given in terms of the provisions of sections 56(9) and 57(1)(a) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Vereeniging has approved the amendment of the Vereeniging Town-planning Scheme, 1956, by the rezoning of Erf 939, Duncanville Extension 3.

A copy of this amendment scheme will lie open for inspection at all reasonable times at the office of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of

Assembly, Pretoria as well as the Town Secretary, Municipal Offices, Vereeniging.

This amendment is known as Vereeniging Amendment Scheme 1/438.

This amendment scheme will be in operation from 16 October 1991.

C K STEYN
Town Clerk

Municipal Offices
Beaconsfield Avenue
Vereeniging
Notice No. 108/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3987

STADSRAAD VAN VEREENIGING

KENNISGEWING VAN VEREENIGING-WYSIGINGSKEMA 1/438

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikels 56(9) en 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Vereeniging goedkeuring verleen het vir die wysiging van die Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1956, deur die hersonering van Erf 939, Duncanville Uitbreiding 3.

'n Afskrif van die wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria, asook die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Vereeniging.

Hierdie wysiging staan bekend as Vereeniging-wysigingskema 1/438.

Hierdie wysigingskema tree in werking op 16 Oktober 1991.

C K STEYN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Beaconsfieldlaan
Vereeniging
Kennisgewing Nr. 108/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3988

VERWOERDBURG MUNICIPALITY

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Town Council of Verwoerdburg hereby, in terms of Section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, Ordinance 17 of 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which had been approved by the Town Council of Verwoerdburg in terms of Section 96 of the said Ordinance.

The Water Supply By-Laws of the Verwoerdburg Town Council, adopted by the Council under Administrator's Notice 651, dated 10 June 1981, as amended, are hereby further amended by amending Section 18 as follows:

1. By amending the reference to Section 18 with "18(1)"

2. By the insertion after Section 18(1) of the following:

"18(2) The Council shall not be liable to any person for any loss or damage in connection with the water installation on any premises resulting from or arising out of or in any way connected with the supply of water that contains corrosive or other damaging elements"

P J GEERS
Town Clerk

Municipal Offices
P.O Box 14013
Verwoerdburg
0140
Notice No. 88 / 1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3988

MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Verwoerdburg publiseer hierby ingevolge Artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, Ordonnansie 17 van 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Stadsraad ingevolge Artikel 96 van die genoemde Ordonnansie opgestel is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Stadsraad van Verwoerdburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 651 van 10 Junie 1991, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Artikel 18 soos volg te wysig:

1. Deur die bestaande verwysing na artikel 18 te wysig na "18(1)"

2. Deur na sub-artikel 18(1) die volgende sub-artikel in te voeg:

"18(2) Die Raad is nie teenoor enige persoon aanspreeklik vir enige verlies of skade ten opsigte van die verbruikerswaterstelsel op enige perseel wat veroorsaak word deur of voortspruit uit of op enige wyse in verband staan met die verskaffing van water wat korrosiewe of ander skadelike elemente bevat nie."

P J GEERS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 14013
Verwoerdburg
0140
Kennisgewing No. 88/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3989

TOWN COUNCIL OF VERWOERDBURG

AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS

The Town Clerk of Verwoerdburg hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by the Town Council of Verwoerdburg in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Library By-Laws of the Town Council of Verwoerdburg, adopted by the Council under Administrator's Notice 905, dated 23 November 1966, as amended, are hereby further amended by:

1. The deletion in Section 3(1)(a) of the words "of a specified racial group" and "intended for his racial group".

2. The substitution in Section 3(5)(a) for the words "which shall not exceed nine cents" of the following:

"from time to time by special resolution in terms of Section 80B of the Local Government Ordinance, 1939".

3. The substitution in Section 6 for the words "of a fine of not less than twenty cents for every week or portion thereof during which such member fails to return such books: Provided that the maximum fine in respect of every such book shall be R2,00." of the following: "of the fees for overdue books as determined by the Council from time to time by special resolution in terms of Section 80B of the Local Government Ordinance, 1939."

4. The deletion in Section 13 of the words "and liable to a fine not exceeding fifty rand".

P J GEERS
Town Clerk

Municipal Offices
P O Box 14013
Verwoerdburg
0140
Notice No. 92/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3989

STADSRAAD VAN VERWOERDBURG

WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Verwoerdburg publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Stadsraad van Verwoerdburg ingevolge artikel 96 van genoemde ordonnansie opgestel is.

Die Biblioteekverordeninge van die Stadsraad van Verwoerdburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 905 van 23 November 1966, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 3(1)(a) die woorde "van 'n bepaalde rassegroep" en "wat vir sy rassegroep bedoel is" te skrap.

2. Deur in artikel 3(5)(a) die woorde "deur die Raad bepaal, wat nie meer as nege sent is nie" deur die volgende woorde te vervang: "soos van tyd tot tyd deur die Raad by spesiale besluit ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel."

3. Deur in artikel 6 die woorde "van 'n boete van minstens twintig sent vir elke week of gedeelte daarvan wat so 'n lid versuim om so 'n boek terug te besorg: Met dien verstande dat die maksimum boete ten opsigte van elke sodanige boek R2,00 is." deur die volgende te vervang:

"van die gelde vir agterstallige boeke soos van tyd tot tyd deur die Raad by spesiale besluit ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 vasgestel."

4. Deur in artikel 13 die woorde "en strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand" te skrap.

P J GEERS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 14013
Verwoerdburg
0140
Kennisgewing No. 92/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3990

LOCAL AUTHORITY OF WARMBATHS

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1991/94

(Regulation 9)

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the valuation board will taken place on 30 October 1991 at 09:00 and will be held at the following address:

Municipal Offices
Voortrekker Road
Warmbaths

to consider any objection to the provisional valuation roll for the financial years 1991/94.

C W J VAN VUUREN (MRS)
Secretary: Valuation Board

16 October 1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3990

PLAASLIKE BESTUUR VAN WARMBAD

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1991/94 AAN TE HOOR

(Regulasie 9)

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op 30 October 1991 om 09:00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Munisipale Kantore
Voortrekkerweg
Warmbad

om enige beswaar tot die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1991/94 te oorweeg.

rva6C W J VAN VUUREN (MEV)
Sekretaris: Waarderingsraad

16 Oktober 1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3991

TOWN COUNCIL OF WESTONARIA

1. REFUSE (SOLID WASTES) BY-LAWS

2. SEWERAGE BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that it is the intention of the Town Council to amend the above-mentioned by-laws.

The general purport of the amendments is as follows:

(i) To delete item 2 under the tariff of charges in the Refuse (Solid Wastes) By-laws published under Administrator's Notice 1484 of 22 August 1984 and to include same under the sewerage by-laws.

(ii) To repeal schedules A, B, C and D of the Sewerage By-laws published under Administrator's Notice 509 of 1 August 1962, as amended and to publish tariffs, in terms of the conditions of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, with effect from 1 October 1991.

A copy of the special resolution of Council and full particulars of the proposed amendments are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who is desirous of recording his objection to the proposed amendments must lodge such objection in writing to the undersigned within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J H VAN NIEKERK
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 19
Westonaria
1780
16 October 1991
Notice No 53/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3991

STADSRAAD VAN WESTONARIA

1. VERORDENINGE BETREFFENDE VASTE AFVAL

2. RIOLERINGSVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Stadsraad voornemens is om wysigings aan bovermelde verordeninge aan te bring.

Die algemene strekking van die wysigings is soos volg:

(i) Om item 2 in die tarief van gelde van die Verordeninge Betreffende Vaste Afval afgekondig by wyse van Administrateurskennisgewing 1484 van 22 Augustus 1984, te skrap en dit onder die Rioleringsverordeninge te vervat.

(ii) Om Bylaes A, B, C en D van die Rioleringsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, te herroep en om ooreenkomstig die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, tariewe af te kondig met inwerkingtreding 1 Oktober 1991.

'n Afskrif van die spesiale besluit van die Raad en volledige besonderhede ten opsigte van die wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

J H VAN NIEKERK
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 19
Westonaria
1780
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 53/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3992

TOWN COUNCIL OF WESTONARIA

AMENDMENT OF CHARGES IN RESPECT OF RAILWAY SERVICE LINES AND PRIVATE SIDINGS

It is hereby notified in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the intention of the Town Council of Westonaria to amend the charges for the provision and maintenance of railway service lines and private sidings, with effect from 1 September 1991.

The general purport of the amendment is to adjust the formula in terms of which charges are levied.

Copies of the amendment of charges are open to inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment of charges shall do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J H VAN NIEKERK
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 19
Westonaria
1780
16 October 1991
Notice No. 49/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3992

STADSRAAD VAN WESTONARIA

WYSIGING VAN GELDE MET BETREKKING TOT SPOORWEGDIENSLYNE EN PRIVATE SYLYNE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van voorneme is om met ingang van 1 September 1991, die gelde vir die voorsiening en instandhouding van spoorwegdienslyne en private sylyne te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die formule waarvolgens gelde gehef word, aan te pas.

Afskrifte van die wysiging van gelde lê ter insae vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging van gelde wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

J H VAN NIEKERK
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 19
Westonaria
1780
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 49/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3993

TOWN COUNCIL OF WITBANK

REVOCATION OF EXISTING BY-LAWS RELATING TO DOGS AND ADOPTION OF NEW BY-LAWS AS WELL AS AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES FOR THE KEEPING AND IMPOUNDING OF DOGS

Notice is hereby given in terms of section 96 and 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Witbank intends to revoke the existing By-laws Relating to Dogs and to adopt new By-laws Relating to Dogs for Witbank.

The purport is to adopt By-laws which are relevant to present circumstances as far as the keeping of dogs in Witbank is concerned, and to provide for the regulation and control of the pound by the Witbank Society for the Prevention of Cruelty to Animals. The Tariff of Charges for the Keeping of Dogs is amended to provide for an increase in the tariff payable for the impounding of dogs.

Copies of the proposed By-law and Tariff of Charges are open to inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said By-law and amendment of charges must do so in writing to the undermentioned within fourteen days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J.H. PRETORIUS
Town Clerk

Administrative Centre
P O Box 3
Witbank
1035
16 October 1991
Notice No. 116/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3993

STADSRAAD VAN WITBANK

HERROEPING VAN BESTAANDE VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE EN AANNAME VAN NUWE VERORDENINGE ASOOK WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE VIR DIE AANHOU VAN EN DIE SKUT VAH HONDE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 en 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Witbank van voorneme is om sy bestaande Verordeninge Betreffende Honde te herroep en nuwe Hondeverordeninge vir Witbank aan te neem.

Die Strekking hiervan is om 'n nuwe verordening aan te neem wat toepaslik is op huidige omstandighede wat betref die aanhou van honde in Witbank asook om voorsiening te maak vir die beheer en bedryf van die skut deur die Witbank Dierebeskermingsvereniging. Die Tarief van Gelde met betrekking tot Honde word gewysig ten einde die gelde betaalbaar vir die skut van honde te verhoog.

Afskrifte van die voorgestelde verordening en Tarief van Gelde lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen bogenoemde verordening en tarief-wysiging wil aanteken, moet dit skriftelik binne veertien dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

J.H. PRETORIUS
Stadsklerk

Administratiewe Sentrum
Posbus 3
Witbank
1035
16 Oktober 1991
Kennisgewing No. 116/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3994

VILLAGE COUNCIL OF BLOEMHOF

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES FOR SEWERAGE SERVICES

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Village Council of Bloemhof has, by Special Resolution, further amended the Charges for Sewerage Services published in the Provincial Gazette dated 29 January 1986, as amended, as follows with effect from 1 July 1991:

1.By the substitution in Part II for the figures "21,40", "26,80", "31,60", "41,80", "86,20", "221,00", "423,20", "827,70" and "962,50" of the figures "22,40", "28,00", "33,00", "43,70", "90,10", "230,90", "442,20", "864,90" and "1005,80" respectively.

2.By the substitution in Part III for the figures "14,50, "11,30", "22,50", "33,80", "56,20", "263,80", "5,70", "57,00", "7,90", "47,40", "9,00", "27,00", "10,20", "51,00", "13,50", "135,00", "14,70", "147,00", "15,80" and "158,00" of the figures "15,20", "11,80", "23,50", "35,30", "58,70", "275,70", "6,00", "60,00", "8,30", "49,80", "9,40", "28,20", "10,70", "53,50", "14,10", "141,00", "15,40", "154,00", "16, 50", "165, 00" respectively.

S LIEBENBERG (MRS)
Acting Town Clerk

Municipal Offices
P.O. Box 116
Bloemhof
2660
16 October 19 91
Notice No 24/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3994

DORPSRAAD VAN BLOEMHOF

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR RIOLERINGSDIENSTE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Bloemhof, by Spesiale Besluit die Gelde vir Rioleringsdienste gepubliseer in die Provinsiale Koerant van 29 Januarie 1986, soos gewysig, met ingang 1 Julie 1991 verder soos volg gewysig het:

1. Deur in Deel II die syfers "21,40", "26,80"," 31,60", "41,80", "86,20", "221,00", "423,20", "827,70" en "962,50"onderskeidelik deur die syfers "22,40", "28,00", "33,00", "43,70", "90,10", "230,90", "442,20", "864,90" en "1005,80" te vervang.

2. Deur in Deel III die syfers "14,50", "11,30"," 22,50", "33,80", "~56,20", "263,80", "5,70", "57,00", "7,90", "47,40", "9,00", "27,00", "10,20", "51,00", "13,50", "135,00", "14,70", "147,00", "15,80" en "158,00" onderskeidelik deur die syfers "15,20", "11,80", "23,50", "35,30", "58,70", "275,70", "6,00", "60,00", "8,30", "49,80", "9,40", "28,20", "10,70", "53,50", "14,10", "141,00", "15,40", "154,00", "16,50" en "165, 00" te vervang.

S LIEBENBERG
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 116
Bloemhof
2660
16 Oktober 1991
Kennisgewing No 24/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3995

TOWN COUNCIL OF HARTBEESPOORT

AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES: BY-LAWS RELATING TO DOGS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Hartbeespoort has by Special Resolution, amended the tariffs relating to the By-laws relating to Dogs.

The general purport of the amendment is to increase the penalty as contained in clause 22 of the by-laws.

Particulars of the amendment are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Marais Street, Schoemansville, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must do so in writing to the undersigned within 14 (fourteen) days from 16 October 1991.

P G PRETORIUS
Town Clerk

Municipal Offices
Marais Street
Schoemansville
PO Box 976
Hartbeespoort
0216
16 October 1991
Notice No. 37/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3995

STADSRAAD VAN HARTBEESPOORT

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE: HONDEVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Hartbeespoort by Spesiale Besluit die tarief met betrekking tot die Hondeverordeninge gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is

om die strafperk soos vervat in Klousule 22 van die Verordeninge, te verhoog.

Besonderhede van die wysiging lê ter insae gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantoor, Maraisstraat, Schoemansville, vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae na datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 (veertien) dae vanaf 16 Oktober 1991 by die ondergetekende indien.

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Maraisstraat
Schoemansville
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
16 Oktober 1991
Kennisgewing Nr. 37/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3996

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 3216

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Remaining Extent of Erf 481, Oakdene to Residential 3 — subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 3216.

GRAHAM COLLINS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3996

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 3216

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die Resterende Gedeelte van Erf 481, Oakdene te hersoneer na Residensieel 3 — onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 3216.

GRAHAM COLLINS
Stadsklerk

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3997

VILLAGE COUNCIL OF LEEUDORINGSTAD

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Village Council of Leeudoringstad has, by special resolution, further amended the Determination of Charges for Water Supply, published under Notice No. 1223/28 in Official Gazette, dated 28 August 1985, as follows with effect from 25 June 1991:

1. By amending item 1(1) by –

(a) the insertion after paragraph (b) of the following paragraph and the renumbering of the existing paragraph (c) to read (d):

"(c) All remaining portions of Erf 538: R1,90,"; and

(b) the substitution in paragraph (d) for the expression "(1)(a) and (b)" of the expression "(1)(a), (b) and (c)".

2. By the substitution in item 2(2) for the figure "R1,14" of the figure "R1,18".

J.J. JONKER
Town Clerk

Municipal Offices
P.O. Box 28
Leeudoringstad
2640
16 October 1991
Notice No. 21/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3997

DORPSRAAD VAN LEEUDORINGSTAD

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN WATER

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Leeudoringstad, by spesiale besluit, die Vasstelling van Gelde vir die Lewering van Water, gepubliseer by Kennisgewing No. 1223/28 in Offisiële Koerant 4400 van 28 Augustus 1985, met ingang van 25 Junie 1991, verder soos volg gewysig het:

1. Deur item 1(1) te wysig deur –

(a) na paragraaf (b) die volgende paragraaf in te voeg en die bestaande paragraaf (c) te hernommer (d):

"(c) Alle onafgetransporteerde gedeeltes van Erf 538: R1,90."; en

(b) in paragraaf (d) die uitdrukking "(l)(a) en (b)" deur die uitdrukking "(1)(a), (b) en (c)" te vervang.

2. Deur in item 2(2) die syfer "R1,14" deur die syfer "R1,18" te vervang.

J.J. JONKER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 28
Leeudoringstad
2640
16 Oktober 1991
Kennisgewing No. 21/1991

16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3998

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

BY-LAWS FOR THE CONTROL OF PARKS, GARDENS AND RECREATION RESORTS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that the Town Council of Lichtenburg has by Special Resolution resolved to amend the Control of Parks, Gardens and Recreation Resorts.

The general purport of the amendment is to make provision for increased tariffs for the Caravan Park.

Copies of the amendments are lying for inspection at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from 16 October 1991.

Any person who wishes to object to the amendments must lodge such objection with the Town Clerk on or before 30 October 1991.

P J JURGENS
Town Clerk

Civic Centre
Melville Street
Lichtenburg
Notice No. 54/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3998

